

HOOFSTUK 4

AKTIWITEITE VAN VAALDRIEHOEKSE VEILIGHEIDSMAGTE

4.1 INLEIDING

Militêre eenhede was reeds lank voor 1974 in die Vaaldriehoek bedrywig. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog was daar byvoorbeeld 'n lugmagbasis in Vereeniging en na die Tweede Wêreldoorlog was die eerste lugafweerregiment op Vereeniging gestasioneer. In 1955 het die weermag 'n Bailey-brug oor die Vaalrivier tussen Vanderbijlpark en Sasolburg opgerig.¹ Die verslegting van die veiligheidstoestand in Suider-Afrika sedert die begin sestigjare het daartoe gelei dat militêre aktiwiteite baie meer prominent geword het. Militêre aktiwiteite in die Vaaldriehoek was hoofsaaklik op die beskerming van die streek gefokus.

Die staatsgreep van 25 April 1974 in Portugal en die daaropvolgende onafhanklikheidswording van Mosambiek en Angola in 1975, het die verdedigingsituasie in Suider-Afrika verander.² Daar is gemeen dat die verwikkelinge in Angola en in Mosambiek die voorspel vir 'n militêre aanslag teen Suid-Afrika was.³ 'n Omvattende herevaluering van Suid-Afrika se verdedigingsbeleid het as gevolg daarvan plaasgevind.⁴ Op 6 Oktober 1975 het Suid-Afrikaanse magte die Angolese grens oorgesteek en meegebring dat ook

¹ P.J.J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vanderbijlpark* (Vanderbijlpark, PU vir CHO, 1994), p. 269; Anon, "Die Vaaldriehoek", *Panorama*, 17(11), November 1972, p. 21.

² C.F. Celliers, "1974-'n nuwe Afrika" *Afrika-instituut bulletin*, 15(1), 1975, pp. 2-3; Vgl. ook Anon, "De huidige militaire situatie", *De Zuidafrikaanse koerier*, 9(9), September 1974, p. 2.

³ W.C.J. van Rensburg & D.A. Pretorius, *South Africa's strategic minerals* (Johannesburg, Valiant, 1977), p. 123; Vgl. ook Anon, *Strategic Survey 1973* (London, International institute for strategic studies, 1974), p. 78; Anon, "Africa: Threat of all out war still real", in *New York Times*, 14.11.1976; J. van Aerschoot, "Eindelijk realisme in Zuidelijk Afrika?", *Vrienden van Zuid-Afrika*, 8(1), Jan. – Feb. 1975, p. 21.

⁴ H.R. Heitman, *Die Suid-Afrikaanse krygsmag* (Johannesburg, Bison, 1985), p.12; Vgl. ook A. J. Venter, *Vorster's Africa: Friendship and frustration* (Johannesburg, Ernest Stanton, 1977), p. 187.

Vaaldriehoekse militêre eenhede vir grensdiens gemobiliseer is.⁵ Tot aan die begin van 1989 is grensdiens in Namibië verrig. Die veiligheidsmagte (weermag en polisie) het tussen 1974 en 1994 gereeld oefeninge en opleidingskampe gehou, terwyl daar ook met burgerlike beskerming saamgewerk is.

Vanaf 1984 moes die veiligheidsmagte op twee fronte veg, naamlik in Namibië en in die binneland.⁶ Verdedigings- en binnelandse veiligheidsoorwegings het toe oorvleuel.⁷ Tussen 1984 en 1994 was daar 'n hele aantal militêre operasies in die Vaaldriehoek.

4.2 OEFENINGE EN OPLEIDINGSKAMPE

Op 28 Mei en op 3 Junie 1974 is gesprek gevoer tussen brig. C. W. Germishuizen, die bevelvoerder van die Kommandement Witwatersrand en die bevelvoerders van die twee lugafweerregimente op Vereeniging, naamlik kmdt. L. Human van die Regiment Oorvaal (ROV) en kol. Matthews van die Regiment Vaalrivier (RVR) om vanaf 8 Junie 1974 tot 14 Julie 1974 'n lugafweerkanon by die Leërinformasiesentrum by die Carlton-sentrum in Johannesburg te ontplooi. Daar kan egter nie met sekerheid gesê word of dié stap met die gebeure in Mosambiek verband gehou het nie.⁸ Daar kon wel aangeneem word dat voorbereidings deur die weermag getref is om belangrike punte te beveilig.⁹

⁵ L. M. Denny, "Portugal and Africa: The consequences of military intervention", *Journal of the Royal United Services Institute for Defence Studies*, 129(2), 2 April 1984, p. 41.

⁶ D. J. van Vuuren (e.a eds.), *South Africa: The challenge of reform* (Pine Town, Owen Burgess, 1988), p. 411; K.W. Grundy, *The militarization of South African politics* (Oxford, Oxford University Press, 1988), p. 28.

⁷ K.W. Grundy, *The militarization of South African politics*, p. 27.

⁸ Direkoraat Dokumentasie Diens van die SANW (DDD), Pretoria, Kmdt. Wit., Pretoria, Groep 2, Houer 68, G/IRG/8/5/1/RVR, Opleiding, oefeninge, kampe en bivakke, afgebroke opleiding, bemanning van 35mm-kanon: Carlton sentrum, 04.06.1974.

⁹ Daar word beweer dat die opstandige offisiere in Portugal van 'n swak sender daar gebruik moes maak om die nuus van die nuus van die rewolusie tot in Suid-Afrika oor te dra. Die SAUK het dan met 'n steker sender die nuus na die hele wêreld uitgesaai. J. Marais, *Waarheid en werklikheid* (Sigma, Pretoria, 1983), p. 143: Vgl. ook MAV, p. 7. 06041998, Marais, J., (78) Pretoria.



Illus. 25: Groep 17-ptysskiet 1974.
Bron: Meyerton Kommando fotoversameling.



Illus. 26: Soldate van 73 gemotoriseerde brigade tydens die oefening van Augustus 1975.
Die man met die mortier is sktr. G. Steele van Vereeniging.
Bron: Anon, "Foto: It's action stations for these Wits Rifles men manning a mortar...", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 22.09.1975.

Die Meyerton Kommando het die eerste opleidingskamp vanaf 5 Augustus 1974 tot 21 Augustus 1974 na die gebeure in Portugal aangebied. Van die sake waaraan aandag geskenk is, was opleiding in samewerking met die burgerlike beskerming van Meyerton en inoefening met vinnige aanvals-voertuie.¹⁰ Die Sasolburg Kommando het tussen 18 September en 3 Oktober 1974 'n oefening gehou. Tydens dié oefening het skynterroriste probeer om 'n kragstasie in die omgewing te 'saboteer'. Die werkers by die kragstasie wou nie glo dat dit slegs 'n oefening was nie en het die 'terroriste' gevange geneem en aan die polisie oorhandig. Die bevelvoerder van die Sasolburg Kommando, kmdt. A. C. Roux, het gemeen dat daar na aanleiding van dié oefening meer erns betreffende veiligheid by die publiek te bespeur was.¹¹

Lede van die leierelement van die kommando's op Vanderbijlpark en die Oos- en Wes-Rand het in Maart 1975 'n opknappingskursus by die Atlas militêre basis meegemaak. Deur middel van modelle van dorpe en stede is stedelike en onkonvensionele oorlogvoering behandel. Daar is ook klem gelê op die dra van wapens in moeilik begaanbare terrein.¹² Lede van die Vanderbijlpark Kommando het gedurende April 1975 hulle jaarlikse opleidingskamp by die Geloftefeesterrein op die dorp gehou. Die kamp is met 'n deurmars en 'n revue-parade by die Hoërskool Transvalia afgesluit.¹³

Die Vereeniging Kommando het van 23 Junie tot 8 Julie 1975 'n opleidingskamp aangebied. 'n Denkbeldige situasie is geskep waar oproerige byeenkomste, insypeling in stedelike gebiede en die pleeg van sabotasie en diefstal deur bendes voorgestel is. Die buurkommando's van Vereeniging was die verskillende

¹⁰ DDD, Pretoria, Kmdt. Wit, Groep 2, Houer 10, G/trg/8/6/2692, Camps and bivouacs – Meyerton Commando, Meyerton Kommando onafgebroke opleiding Ma. 5 Aug. 1974 tot Wo. 21 Aug. 1974; Sien ook hoofstuk 9 burgerlike beskerming.

¹¹ Anon, "Terroriste het amper agter tralies beland", in *Vaalweekblad*, 11.10.1974.

¹² Anon, "Commandos' leaders brush up for the years camps", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 11.04.1975.

¹³ Anon, "Kommando marsjeer Saterdag deur sakesentrum", in *Vaalweekblad*, 11.04.1975.

flanke. Die kamp is afgesluit met 'n skynvertoning.¹⁴ Stedelike take tydens die kamp het in samewerking met die polisie geskied, terwyl 104 Eskader ook deelgeneem het.¹⁵

Gedurende Julie en Augustus 1975 het 'n paar honderd soldate van die Vaaldriehoek aan 'n brigade-oefening naby Bloemfontein deelgeneem. Die soldate, wat almal aan verskillende eenhede behoort het, was onder die oorhoofse bevel van 73 Brigade. Tydens dié geleentheid is daar ook 'n demonstrasie aan 1000 skoolkadette gelewer.¹⁶ Gedurende September 1975 het 81 Pantserbrigade, waarvan ROV 'n eenheid was, sy jaarlikse oefenkamp in Bloemfontein gehou.¹⁷

Die Meyerton Kommando het in Februarie 1978 'n naweekkamp aangebied waar daar onder meer geoefen is hoe om oproerige skares te beheer. Die hoogtepunt van die oefenprogram was 'n gesimuleerde toestand waar 'terroriste' 'n plaashuis aangeval het. Tydens die kamp was daar ook 'n hele aantal vroue teenwoordig. Die vroue is al sedert 1975 deur die kommando in huis-en-haard-beskerming opgelei.¹⁸

Ander plaaslike eenhede het ook gereeld oefeninge gehou. Die Sasolburg Kommando het gedurende Maart 1978 'n opleidingskamp gehou en weer in Maart 1979 'n oefening waar daar benewens die beskerming van 'n nasionale sleutelpunt (NSP) ook stedelike en plattelandse operasies ingeoefen is. Dié

¹⁴ Anon, "Just back from camp", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 11.07.1975.

¹⁵ DDD, Groep 2, Houer 73, G/TRG/8/1/3/, Vereeniging, Admin. Order vir onafgebroke opleidingskamp 23 Junie tot 8 Julie 1975; Sien ook hoofstuk 3, die Suid-Afrikaanse lugmag.

¹⁶ S. Meyer, "Lekkêr, maar koud!", in *Vaalweekblad*, 08.08.1975; Anon, "Ons mense maak 'oorlog' in koue Vrystaat", in *Vaalweekblad*, 08.08.1975; Anon, "Foto: It's action stations for these Wits Rifles men ...", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 22.08.1975; Anon, "73 Gemotoriseerde Brigade", in *Byvoegsel tot Paratus*, November 1975, p. v.

¹⁷ G. Appelgryn, "Baie indrukwekkende vuurkrag demonstrasie", *Paratus*, 26(11), November 1975, p. 23.

¹⁸ Anon, "Vroue leer ook hoe om oproerige te tem", in *Vaalweekblad*, 24.02.1978.

oefening is deur 'n span van die Hoof van die Leër geëvalueer.¹⁹ Die Iscor Kommando het aan die begin van Maart 1979 'n opleidingskamp op Doornkop meegemaak waar onder meer op oproerige skares, kordonne en soektogte en padblokkades gekonsentreer is.²⁰ Vaaldriehoekse kommando's het vanaf 1979 tot in 1984 ook lede vir taakmagte beskikbaar gestel.²¹ Die Vereeniging Kommando het sy opleidingskamp van 1980 met 'n medalje-parade afgesluit.²² Gedurende Februarie 1981 het die Parys Kommando 'n oefening gehou waartydens 'terroriste' die stadsaal beset het.²³

Die Sasol Kommando het gedurende Desember 1983 aan Oefening Paraat deelgeneem waar 'n ligte vliegtuig in 'n observasierol aangewend is.²⁴ Dié oefening het in samewerking met die Secunda Kommando plaasgevind. Twee 'terroristegroepe' het in 'n bepaalde gebied ontplooi en moes deur die deelnemende eenhede opgespoor en vernietig word. Beide kommando's is tydens Oefening Paraat geëvalueer.²⁵ Lede van die Meyerton Kommando het in September 1984 aan 'n oefening van 7 Infanteriedivisie, Oefening Thunder Chariot, deelgeneem.²⁶ Die twee lugafweerregimente van die Vaaldriehoek het

¹⁹ Anon, "Sasolburg Kommando hou weer kamp", in *Vaalweekblad*, 31.03.1978; DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenisleër: Regiment Sasolburg: Volume 2, Jaarverslag 1979.

²⁰ DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 3, Houer 7, 308/3/1, Opleidingsverslae oor – opleidingskampe en bivakke, evaluasie-verslag: Yskor Kommando, 24.07.1979.

²¹ DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenisleër: Vereeniging Kommando, Jaarverslag 1980 tot 1984; DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenisleër: Vaal Kommando: Jaarverslag 1979 tot 1980; DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenisleër, Meyerton Kommando, Jaarverslag 1981.

²² Anon, "Gesinsdag na opleidingskamp" in *Vaalweekblad*, 03.10.1980.

²³ Anon, "Terroriste beset stadsaal", in *Vaalweekblad*, 24.02.1981.

²⁴ J. Dominicus, "Nuwe ontkoming vir twee: Vliegtuig land tussen huise", in *Vaalweekblad*, 13.12.1983.

²⁵ DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenisleër: Sasol Kommando: Jaarverslag 1983 Aanhangel B.

²⁶ DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenisleër: Meyerton Kommando: Jaarverslag 1984.

gereeld aan brigade- of divisieoefeninge elders deelgeneem.²⁷ Vaaldriehoekse eenhede het tot in die negentigerjare een- en twee- dagkampe en naweek-bivakke gehou. Die Parys Kommando het tussen 18 Januarie en 29 Februarie 1992 gebiedsopleiding aangebied, en die Vereniging Kommando het gedurende die laaste naweek van Oktober 1993 'n naweekbivak aangebied.²⁸

Dit is duidelik dat gedurende die onderhawige tydperk verskillende dele van die gewapende magte in die Vaaldriehoek aktief was. Dit het nie net om militêre opleiding gegaan nie, maar ook met skakeling met die publiek. Die publiek moes die veiligheidsmagte as deel van die gemeenskap ervaar, maar ook voorberei word op krisisse wat kon ontstaan.

4.3 GRENSDIENS

Die Suid-Afrikaanse regering het van die standpunt uitgegaan dat Suid-Afrikaanse soldate in Suidwes-Afrika ontplooi moes word ten einde dié gebied teen insypeling van die *South West African People's Organisation* (SWAPO) Kubaanse aggressie te beskerm.²⁹ Om hierdie rede was operasionele gereedheid met die oog op grensdiens vir die weermag van groot belang. In November 1974 is gemeen dat die tydperk tussen 1974 en 1976 die voortbestaan van Suid-Afrika sou verseker.³⁰ Die betrokkenheid in Angola het 'n bepaalde erns meebring. Tydens 'n konferensie van 17 Junie 1976 was die

²⁷ Vgl. DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer: Regiment Vaalrivier: Eenheidsgeskiedenislêer: Regiment Overvaal; MAV, p. 162. 27062000, Veldman, C. S., (57) Buyscelia.

²⁸ DDD, Pretoria, Kmdt. Vrystaat, Eenheidsgeskiedenislêer: Parys Kommando: Jaarverslag 1992; Vereniging Kommando, Spesiale eenheidsorder, Spanbou: A-kompanie, Oktober 1993.

²⁹ Text of the letter addressed to his excellency dr. Kurt Waldheim, secretary-general of the united nations, on 6th September 1978, by the honorable mn. R. F. Botha, South African minister of foreign affairs.

³⁰ DDD, Pretoria, 73 Brigade hoofkwartier, Groep 1, Houer 1, Lêer A/ADM/ 20/6/2 vol 1, Conferences: OC Command and OC CF Units, Konferensie by HK 7 Infanterie-divisie Kensington, 02.11.1974.

algemene sienswyse dat wat weerbaarheid betref die ergste verwag moes word en dat onbetrokke mense die land verraaai het.³¹

Die hoof van die lêer het met kommer van die verwikkelinge in Suider-Afrika kennis geneem en gemeen dat die Rhodesiese kwessie die finale aanslag op Suid-Afrika vinniger nadergebring het as wat verwag is.³² Hy het van elke bevelvoerder verwag dat die gevegsgereedheid van sy eenheid verseker moes word.³³ Die bevelvoerder van 73 Brigade, kol. T. Hanekom, wat toe om Vereeniging gestasioneer was, het elke bevelvoerder onder hom skriftelik laat bevestig dat hulle persoonlik bereid was om hulle eenhede in die geveg te lei.³⁴

Burgerlikes uit die Vaaldriehoek het ook om een of ander rede op die grens beland. Mevrou Lena Weber het 'n brief aan die *Vaalweekblad* geskryf waarin sy oor haar indrukke van die grens geskryf het. Sy het geskryf hoedat skoolkinders in gepantserde voertuie vervoer is en van gevegte in die middel van die nag.³⁵ Lede van die polisie het byvoorbeeld sedert 1966 in die destydse Rhodesië en Suidwes-Afrika grensdiens gedoen, maar die Vaaldriehoekse burgermag- en kommando-eenhede het eers vanaf 1975 regstreeks betrokke geraak.³⁶

³¹ DDD, Pretoria, 73 Brigade hoofkwartier, Groep 1, Houer 6, Lêer A/ADM/20/6/3, Notule vir konferensie, Konferensie van 6 Veldregiment met kommando, groep en eenheidsbevelvoerders, 17.06.1976.

³² DDD, Pretoria, 73 Brigade hoofkwartier, Groep 1, Houer 43, Lêer G/OPS/8/3, Civic guidance preparation for border duty, H SAW se aanmaning tov sin vir dringendheid in SAW, 30.09.1976.

³³ DDD, Pretoria, 73 Brigade hoofkwartier, Groep 1, Houer 43, Lêer G/OPS/8/3, Civic guidance preparation for border duty, The need, under present circumstances for a sense of urgency in the SADF, 31.08.1976.

³⁴ DDD, Pretoria, 73 Brigade hoofkwartier, Groep 1, Houer 43, Lêer G/OPS/2/0, Operasionele gereedheid en doeltreffendheid beleid, Brief van bevelvoerder 73 Brigade kol. T. Hanekom aan alle eenhede onder sy bevel 18.02.1977.

³⁵ L. Weber, "Brief: Oud-onderwyser uit Vaal neem waar op Oshakati", in *Vaalweekblad*, 27.05.1980.

³⁶ Suid-Afrikaanse Polisie Argiefbewaarplek (SAPAB), Lêer 2437, Terrorisme, fotoversameling grensdiens 1970-1972; MAV, p. 70. 05022000, Van Stratten, M. L., (50) Helenasrus.

4.3.1 RHODESIË

Die polisie het op 26 Augustus 1966 die eerste keer met gewapende terroriste in Ovamboland slaags geraak, terwyl die polisie ook sedert September 1967 in Rhodesië ontplooi is.³⁷ Die Rhodesiese minister van verdediging, Jack Howman, het in November 1973 op die SAUK-radionuusprogram *Week-end Newsroom* gepraat. Hy het daarop gewys dat indien Rhodesië die terroriste-oorlog sou verloor, dit ernstige implikasies vir Suid-Afrika sou inhou.³⁸

Polisiemanne uit die Vaaldriehoek het ook grensdiens in Rhodesië verrig.³⁹ Hulle het infanteriste diens gedoen of het as lede van die veiligheidspolisie diens gedoen.⁴⁰ Adjudant-offisier J. G. C. Tredoux is in 1972 na Rhodesië gestuur waar hy hoofbootsman van die Suid-Afrikaanse Polisie op die Kariba meer was. Hy het eers in Augustus 1975 teruggekeer.⁴¹ Kaptein E. R. Coetzee het die eerste keer in 1971 grensdiens in Rhodesië verrig. Op pad na hulle basis het hulle voertuig 'n landmyn afgetrap. Hy was in skermutselings met terroriste betrokke en het ook aan Operasie Hurricane deelgeneem.⁴² Vaaldriehoekse polisiemanne het ook in Rhodesië gesneuwel, soos konst. L. Buys in 1974.⁴³

4.3.2 NAMIBIË

Vaaldriehoekse militêre eenhede is vanaf 1976 gemobiliseer. Mobilisasie het regstreeks met die gevegte in Angola saamgehang. Dienspligtiges uit die Vaaldriehoek het egter nog voordat die burgermageenhede en kommando's van die streek gemobiliseer is, reeds grensdiens verrig. Daar het byvoorbeeld 'n foto

³⁷ Anon, *Die Suid-Afrikaanse polisiejaarboek 1989* (Pretoria, Walker Ramus Trading, 1989), p. 67.

³⁸ Anon, "Rhodesië sleutel in oorlog teen terrorisme", *Rhodesiese kommentaar*, 7(12), Desember 1973, p. 1.

³⁹ Militêre aktiwiteite in die Vaaldriehoek (MAV), Onderhoude gevoer deur skrywer, p. 119. 01052000, Terreblanche, S. E., (48) Sonlandpark.

⁴⁰ MAV, p. 227. 12122000, Steyn, J. A., (61) Pretoria.

⁴¹ MAV, p. 57. 20012000, Tredoux, J. G. C., (66) Drie Riviere.

⁴² MAV, p. 79. 22022000, Coetzee, E. R., (57) Drie Riviere; Vgl. A. Bosman, *Eye in the sky: A brief history of the SA Police serving air wing* (Nelspruit, Freeworld, 1998) p. 108.

⁴³ Sien ook hoofstuk 13, Militêre ongevalle.

in die *Vaalweekblad* verskyn waar genl. Magnus Malan 'n ene sappeur D.J. Denysschen van Vanderbijlpark 'n voorspoedige nuwe jaar aan die begin van 1975 toewens.⁴⁴

Die eerste Vaaldriehoekse regiment wat gemobiliseer is, was RVR in Januarie 1976.⁴⁵ Dié regiment het na Bloemfontein vertrek waar hy uitgerus en toegerus is vir die operasionele gebied.⁴⁶ Kort na RVR het ook ROV in Maart 1976 vir opleiding vertrek.⁴⁷ RVR en ander regimente is gemobiliseer om ander eenhede wat in Angola was, af te los.⁴⁸

Teen die middel van 1976 is daar ook begin om die kommando's te mobiliseer. Die Vereeniging Kommando was die eerste kommando in die Kommandement Witwatersrand om gemobiliseer te word.⁴⁹ Kort nadat Vereeniging Kommando met grensdiens vertrek het, het Vanderbijlpark Kommando gevolg.⁵⁰ Ander lede van die Vanderbijlpark Kommando is gedurende Augustus 1976 by die

⁴⁴ Anon, "Foto: Lt.genl. M de M. Malan, hoof van die leër, wens hier sappeur D.J. Denysschen van Vanderbijlpark 'n voorspoedige nuwe jaar toe", in *Vaalweekblad*, 16.01.1975.

⁴⁵ Anon, "Foto: Die Regiment Vaalrivier is gemobiliseer met die oog op grensdiens", in *Vaalweekblad*, 31.01.1976; Anon, "A soldier's farewell", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 30.01.1976.


⁴⁶ Anon, "Vereeniging se beste wense met regiment na grens", in *Vaalweekblad*, 30.01.1976; Anon, "Regiment mobilised", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 23.01.1976; MAV, p. 229, 27122000, Lubbe, J., (71) Parys.

⁴⁷ Anon, "Foto: Vereeniging se burgemeester mnr. Nic van Zyl het Dinsdagmiddag amptelik afskeid geneem van etlike honderde lede van Regiment Overvaal...", in *Vaalweekblad*, 21.05.1976; Anon, "Foto: Mayor of Vereeniging, Clr. Nic van Zyl adresssing the troops from Regiment Overvaal...", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 26.03.1976.

⁴⁸ C. J. Nöthling (red.), *Ultima ratio regum: Artilleriegeskiedenis van Suid-Afrika* (Pretoria, militêre informasieburo), p. 283; MAV, p. 162. 27062000, Veldman, C. S., (57) Buyscelia.


⁴⁹ Anon, "Moenie hulle met probleme opsaa", in *Vaalweekblad*, 21.05.1976; Anon, "Clr. Nic van Zyl, Mayor of Vereeniging, addresses the men of Vereeniging Commando", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 28.05.1976; Anon, "A fond farewell", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 21.05.1976; Vgl. ook Anon, "Commando called up", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 07.05.1976.

⁵⁰ Anon, "Foto: Lede van die Vanderbijlpark Kommando het verlede week grens toe vertrek", in *Vaalweekblad*, 09.07.1976; MAV, p. 70. 05022000, Van Stratten, M. L., (50) Helenasrus.



Illus. 27: Lede van die Regiment Vaalrivier vertrek uit Vereeniging vir grensdiens in Januarie 1976.

Bron: Anon, "Foto: Tot siens. Lede van Regiment Vaalrivier groet vir oulaas...", in *Vaalweekblad*, 30.01.1976.



Illus. 28:

Kpl. Olivier van Vanderbijlpark met sy hemp na 'n handgranaat-aanval tydens Operasie Savannah.

Bron: Anon, "Groet eers vyand val toe aan", in *Uniform*, sesde grensuittgawe, 03.05.1976

Geloftefeesterrein in onder meer die bekamping van stedelike terrorisme opgelei.⁵¹ Die Meyerton Kommando het vanaf Augustus tot Oktober 1976 grensdiens verrig.⁵² Die Iscor Kommando en lede van die Vanderbijlpark Kommando is in Desember 1976 vir grensdiens opgeroep.⁵³ Vroeg in Januarie 1977 het lede van die Parys Kommando met grensdiens vertrek. Die stadsrade van Parys en van Vredefort het van hulle afskeid geneem. Hulle is weer in Maart 1977 terug verwag.⁵⁴

Daar is oor interessante voorvalle ná die eerste periode van grensdiens berig. 'n Handgranaat het tydens Operasie Savannah by kpl. D. J. Olivier van Vanderbijlpark ontplof.⁵⁵ Die *Vaalweekblad* het in September 1976 berig van twee broers van Vanderbijlpark, lt. Kriek van der Merwe en kpl. André van der Merwe, wat mekaar toevallig op die grens raakgeloop het.⁵⁶ Toe soldate vir die eerste keer van die grens teruggekeer het, is hulle hartlik deur hulle naasbestaendes en instansies verwelkom. Meyerton Kommando is deur dié dorp se stadsraad en burgerlike beskerming terugverwelkom.⁵⁷ Toe Sasol Kommando in Mei 1977 van die grens teruggekeer het, was die samedromming van vriende en familieledes so erg dat die militêre polisie spesiale verkeersreëlings moes tref. By dié geleentheid het 'n vader die eerste keer sy kind gesien wat gebore is terwyl hy grensdiens verrig het.⁵⁸

Die Sasolburg Kommando het aan die begin van Januarie 1979 na die grens

⁵¹ Anon, "Kommandoleder op feesterrein", in *Vaalweekblad*, 06.08.1976.

⁵² Anon, "Kommandoleder verwelkom", in *Vaalweekblad*, 01.10.1976.

⁵³ Anon, "Foto: Kort voor Kersfees is lede van die Vanderbijlpark en Yskor Kommando opgeroep om drie maande grensdiens te verrig", in *Vaalweekblad*, 10.12.1976.

⁵⁴ Anon, "Kommandoleder na grens", in *Vaalweekblad*, 21.01.1977.

⁵⁵ S. Wewege, "Groet eers vyand; val toe aan", in *Uniform*, 03.05.1976.

⁵⁶ Anon, "Broers ontmoet mekaar ver van die huis", in *Vaalweekblad*, 10.09.1976.

⁵⁷ Anon, "Kommandoleder verwelkom", in *Vaalweekblad*, 01.10.1976.

⁵⁸ Anon, "Selfs oupas en oumas het kommando verwelkom", in *Vaalweekblad*, 13.05.1977.



BOODSKAP VAN DIE STAATSPRESIDENT

Aan: Die Veiligheidsmagte

Ons land se Veiligheidsmagte dra in hierdie dae buitengewone verantwoordelikheid. Ek en die Regering het geen onsekerheid oor die moeilike en veeleisende take wat aan u opgedra is nie.

U opofferinge en ontberinge word raakgesien. Dit word gewaardeer. Wat u nou doen vir en in belang van die veiligheid van ons land, doen u ook vir ons voortbestaan. U doen dit vir die behoud van die Christelike beskawing en norme. U doen dit vir demokratiese vryheid. U doen dit vir waardes wat ons almal glo in ere en in stand gehou moet word.

Ek en die Regering het geen twyfel oor u vermoëns en u wilskrag nie. Suid-Afrika en sy mense weet dat hulle op u kan staatmaak. Hulle het vertroue in u, ons Veiligheidsmagte, en vir u gevoel vir regverdigheid en beslistheid.

Maar die sterkste anker waaraan ons in hierdie dae kan vashou, is HY wat die pad van elke mens bepaal. Daarom bid ek vir u. Ek wens u God se seën en teenwoordigheid toe onder alle omstandighede.

P.W. BOTHA
Staatpresident



Illus. 29: Lede van die Meyerton Kommando tydens grensdiens. Datum onbekend.
Bron: *Meyerton Kommando fotoversameling.*



Illus. 30: Die Regiment Vaalrivier tydens Operasie Packer 1988 in Angola.
Bron: DDD, Pretoria, Regiment Vaalrivier eenheidsgeskiedenis 1970-1990, Geskiedenis-oorsig van die Regiment Vaalrivier 1939-1993, p. 12.

vertrek.⁵⁹ Gedurende Maart 1979 het die Vanderbijlpark Kommando weer met grensdiens vetrek.⁶⁰ Die Iscor Kommando het in Februarie 1980 vir nog 'n periode van grensdiens vertrek.⁶¹

Die Meyerton Kommando het vanaf 10 Augustus 1983 tot 6 November 1983 as deel van 53 Bataljon grensdiens verrig. Dié eenheid het tydens evaluasie op Oshivelo die hoogste punte deur enige eenheid in twee jaar behaal.⁶² Die suiwer grensfase is afgesluit toe die Vanderbijlpark Kommando in April 1984 en die Regiment Overvaal op 15 Junie 1984 van die grens teruggekeer het.⁶³ Vaaldriehoekse eenhede het egter tot in 1988 grensdiens verrig. RVR het byvoorbeeld nog in 1988 aan Operasie Packer deelgeneem.⁶⁴ Daarna het die Vaaldriehoekse militêre eenhede ook begin om diens in swart woongebiede te verrig.⁶⁵ Dienspligtiges uit die Vaaldriehoek het by verskillende eenhede oor die land diens gedoen. Baie van hulle het ook grensdiens verrig. Hulle het in al drie grensarene diens verrig, naamlik SWA/Angola, die Mosambiek grens en op die Zimbabwe/Botswana grens.⁶⁶ Die minister van wet en orde, Louis le Grange, het in November 1985 aangekondig dat polisiemanne vanaf 1 Desember 1985 as gevolg van die onlussituasie nie meer grensdiens sou doen nie.⁶⁷

⁵⁹ Anon, "Grens toe", in *Vaalweekblad*, 05.01.1976.

⁶⁰ Anon, "Kry Bybels om saam te neem grens toe", in *Vaalweekblad*, 20.03.1979.

⁶¹ Anon, "Grensdiens", in *Vaalweekblad*, 15.02.1980.

⁶² DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer: Meyerton Kommando: Jaarverslag 1983.

⁶³ Anon, "Lang wag vir almal die moeite werd", in *Vaalweekblad*, 13.04.1984.

⁶⁴ DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer: Regiment Vaalrivier: Geskiedenisoorlog van regiment Vaalrivier 1939-1993.

⁶⁵ MAV, p. 152. 26062000, Joubert, A., (38) Vanderbijlpark.

⁶⁶ MAV, p. 35. 17121999, Ferreira, D., (33) Drie Riviere; MAV, p. 41. 21121999 Bergh, J.C., (32) Rothdene.

⁶⁷ Anon, "Polisie aan grense onttrek", Burger, 30.10.1985, in *SA Oorsig*, 6 Desember 1985, p. 1117; MAV, p. 174, 03072000, R.G. Scholtz, (35) Vereeniging.



Illus. 31: Die Regiment Overvaal tydens grensdiens, Messina 1982.
Bron: J. C. Zelle fotoversameling.

4.3.3 SOUTPANSBERG MILITÊRE GEBIED (SMG)

Ten tyde van die landmynvoorvalle in Noord-Tranvaal aan die einde van 1985 is Vaaldriehoekse eenhede ook dáár operasioneel aangewend. Aangesien die Regiment Overvaal in September 1984 na die bevel van die Soutpansberg Militêre Gebied (SMG) oorgeplaas is, het hulle ten tyde van die voorvalle reeds daar diens gedoen.⁶⁸ Lede van dié eenheid is terselfdertyd elders aangewend, soos 1 Battery op die Suidwes-grens. Ander afdelings van dié regiment is op die grens met Zimbabwe en Botswana as infanteriste aangewend.⁶⁹ Daar is gemeen dat soldate in die Messina gebied goed voorbereid was om die gebied teen enige verdere terroriste-aanvalle te beveilig.⁷⁰

4.4 DIE IMPAK VAN DIE SEPTEMBER 1984-ONLUSTE OP MILITÊRE OPTREDE

Die verdedigingswet het voorsiening gemaak vir die aanwending van die weermag in die onderdrukking van binnelandse onrus. Daar was 'n paar gevalle in die geskiedenis waar die weermag in binnelandse aksies aangewend is. Die weermag het in 1914 die polisie bygestaan in die onderdrukking van 'n mynwerkersopstand en in 1922 het die weermag teen stakers aan die Witwatersrand opgetree. In 1960 is die weermag na die Sharpeville en Langa voorvalle vir 'n kort tydperk op bystand geplaas.⁷¹ Die onluste wat op 4 September 1984 in die Vaaldriehoek uitgebreek het, het egter meegebring dat die weermag permanent in swart woongebiede ontplooi is.

⁶⁸ Vgl. DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenisleër: Regiment Overvaal: Jaarverslag 1984, 1985.

⁶⁹ DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenisleër: Regiment Overvaal: Jaarverslag 1979.

⁷⁰ Vgl. Anon, "RSA will act fearlessly to protect its own", *Paratus*, 37(1), Januarie 1986, p. 26.

⁷¹ Anon, "Operation Palmiet: Army support for SAP was nothing new", *Paratus*, 35(12), Desember 1984, p. 20.

4.4.1 DIE AFKONDIGING VAN DIE NOODTOESTAND

Die onluste van 4 September 1984 het verreikende implikasies vir nasionale veiligheid ingehou. Die onluste het uitgebreek as gevolg van die verhoging van huur- en busgeld. Alhoewel dit 'n spontane uitbarsting was, het organisasies soos die UDF munt uit die situasie geslaan. Die geweld wat uitgebreek het, het vinnig buite beheer geraak. Winkels is afgebrand, en mense is vermoor.⁷² Die Vaaldriehoek is ook in die tyd deur verskeie hoogwaardigheidsbekleërs, soos die lid van die volksraad (LV) vir Vereeniging, F. W. de Klerk, die minister van nasionale opvoeding, dr Gerrit Viljoen, die minister van wet en orde, Louis le Grange en die minister van verdediging, genl. Magnus Viljoen, besoek.⁷³ Le Grange het gemeen dat die huurverhoging nie die werklike oorsaak vir die onluste was nie, maar dat individue en organisasies daaragter gesit het.⁷⁴

Die Staatsveiligheidsraad (SVR) het op 4 Maart 1985 besluit dat 'n verslag oor die rewolusionêre klimaat in die land opgestel moes word. Daar is gemeen dat vyandelike aksies toegespits was op die verpolitisering en mobilisering van swart gemeenskappe.⁷⁵ Die minister van wet en orde het in die Volksraad gesê dat die ANC spesifieke opdragte aan swartes gegee het om 'n burgeroorlog van stapel te stuur en onder meer na die uitsendings van *Radio Freedom* verwys, waar mense aangemoedig is om hulle vir aktiewe verset voor te berei.⁷⁶ Daar is ook beweer dat die *United Democratic Front* (UDF) die indruk wou skep dat die land

⁷² MAV, p. 80. 22022000, Coetzee, E. R., (47) Risiville.

⁷³ Anon, "Ministers besoek Driehoek: 'Individuele magte sit agter onluste' ", in *Vaalweekblad*, 11.09.1984.

⁷⁴ W. Cobbett & R. Cohen (eds.), *Popular struggles in South Africa* (Trenton, Africa world press, 1988), p. 69. Vgl. ook S. van Ketel, "Geweld en plundering in Zuid-Afrika: De frustrasies van Sharpeville", in *Elseviers*, 40(37), 15 September 1984, pp. 47-49.

⁷⁵ F. W. de Klerk, *The last trek – a new beginning: The autobiography* (London, Macmillan, 1998), p. 119.

⁷⁶ Anon, "Landsake: ANC beplan burgeroorlog – Le Grange", Sapa, in *SA Oorsig*, 03.05.1985, p. 379.

in 'n staat van burgeroorlog verkeer het en dat die onluste die totale verwerping van hervorming weerspieël het.⁷⁷

Die onlussituasie het van die Vaaldriehoek na ander dele van die land uitgebrei.⁷⁸ Dié onrus was van so 'n aard dat dit nie meer met die gewone middele tot die staat se beskikking hanteer kon word nie.⁷⁹ Die veiligheidsmagte het hulle self in 'n situasie bevind waarbinne daar nie meer effektief binne die wet opgetree kon word nie.⁸⁰ Daarom is 'n gedeeltelike noodtoestand op 20 Julie 1985 in 36 dorpe en stede, waaronder ook in die landrosdistrikte van Vanderbijlpark, Vereeniging en Sasolburg, afgekondig.⁸¹ In Augustus 1985 is 'n verbod op alle vergaderings in 18 distrikte van Transvaal, asook op Sasolburg, afgekondig.⁸² Die geweldsituasie in die land het tot gevolg gehad dat op 12 Junie 1986 'n totale noodtoestand afgekondig is. Die hele land is as 'n teikenarea van rewolusionêres gesien.⁸³ Toestande in swart woongebiede het aanleiding tot die ingrypendste veiligheidswetgewing sedert Sharpeville gegee.⁸⁴ Die eskalering van die rewolusionêre aanslag het behoorlike skakeling tussen die

⁷⁷ Anon, "Perskommentaar: Geen burgeroorlog", *Citizen*, 11.04.1985, in *SA Oorsig*, 19.04.1985, p. 347.

⁷⁸ Anon, "Perskommentaar: Geen verskoning vir hierdie onmenslikheid nie", *Star*, 12.02.1985, in *SA Oorsig*, 19.07.1985, p. 654.

⁷⁹ D. Prinsloo, *Stem uit die Wildernis: 'n Outobiografie oor oud-pres. PW Botha* (Mosselbaai, Vaandel, 1997), p. 271; Vgl. ook Anon, "State of emergency", *Paratus*, 36(8), Augustus 1985, p. 2.

⁸⁰ Anon, "State of emergency", *Paratus*, 36(8), Augustus 1985, p. 2.

⁸¹ H. D. Stadler (ed.), *The other side of the story: A true perspective* (Pretoria, Contact, 1997), p. 54; J. Smolowe, "World: A crackdown on violence", *Time*, 126(4), 29 Julie 1985, p. 4; Vgl. ook M. Donzel, "Le blocus financier contre l'Afrique du Sud", in *L'Afrique du Sud: dernier bastion?*, *Vouloir*, 8 Junie 1986, p. 27; Anon, "Seer van geweld", in *Vaalweekblad*, 06.09.1985; Vgl. ook Staatskoerant, Proklamasie: Verklaring van 'n noodtoestand, nr. 9876, 21.07.1985; Anon, "State of Emergency", *Paratus*, 36(8), Augustus 1985, p. 2.

⁸² Anon, "Herdenking van '84-onluste verbied", *Vaal Ster*, 30.08.1985.

⁸³ D. Prinsloo, *Stem uit die Wildernis*, p. 274.

⁸⁴ Anon, "Perskommentaar: Die noodtoestand", *Burger*, 22.07.1985, in *SA Oorsig*, 26.07.1985, p. 665.

polisie en weermag beklemtoon.⁸⁵ Kragtens die *Wet op Openbare Veiligheid van 1953* kon die staatspresident 'n noodtoestand afkondig en na behoefte sekere gebiede as onrusgebiede verklaar en die regulasies in die Staatskoerant publiseer.⁸⁶ Artikel 3(2)(a) van die *Verdedigingswet* het bepaal dat die weermag ten alle tye gebruik kon word vir onder meer die voorkoming en onderdrukking van binnelandse onrus en die voorkoming van misdaad in samewerking met die polisie.⁸⁷

Die magsbevoegdheid van die weermag het gedurende die noodtoestand geweldig toegeneem, wat onder meer behels het dat soldate ook polisiebevoegdheid verkry het. Noodregulasies het behels dat mense sonder 'n lasbrief gearrester kon word, aangehou kon word sonder verhoor en beweging beperk is.⁸⁸ Die ontplooiing van soldate in swart woongebiede sedert Oktober 1984 tydens Operasie Palmiet het daartoe gelei dat die onderskeid tussen die polisie en die weermag vervaag het.⁸⁹ Daar is egter teen die einde van die tagtigerjare gevoel dat die weermag te veel by polisiëringstake betrek word.⁹⁰ Die noodtoestand van 1985 het die binneland as 'n operasionele area vir die weermag tot gevolg gehad.⁹¹ Rhoodie beskryf die noodtoestand as sprekend van 'n diktatoriale mentaliteit.⁹² Daar word ook gemeen dat drakoniese

⁸⁵ S. H. Schutte, *'n Polisiekundige ontleding van die United Democratic Front* (Ongepub. Proefskrif, UNISA, 1988), p. 265.

⁸⁶ Infanterieskool, *Volume 13: TEIN sub-sub-eenheidshandboek: Pamflet 9: Regsaspekte* (Pretoria, SA leër hoofkwartier, 1993), p. 1/9-2.

⁸⁷ Infanterieskool, *Volume 13: TEIN sub-sub-eenheidshandboek: Pamflet 9: Regsaspekte*, p. 1/9-2.

⁸⁸ M. Hough, *Revolt in the townships* in A. J. Venter (ed.), *Challenge: Southern Africa within the revolutionary context: An overview* (Gibraltar, Ashanti, 1989), p. 394; Vgl ook Danie Theron krygskool, *Teeninsurgensie-operasieshandleiding*, p. 1/9-1.

⁸⁹ L. Nathan, *Troops in the townships 1984-1987* in J. Cock en L. Nathan (reds.), *War and society: The militarisation of South Africa* (Johannesburg, David Phillip, 1989), p. 67.

⁹⁰ Notule van kommandement-bevelskonferensie gehou te Nasrec, Kmdt. Wit.,/522/1/1/5, 18.11.1988, p. 7.

⁹¹ M.A. de M. Malan, *Submission to the truth and reconciliation commission* (www.truthorg.za/submit/malan.htm), p. 6.

⁹² E. Rhoodie, *P W Botha: The last betrayal 1978 – 1989* (Melville, SA Politics, 1989), p. 211.

magte aan die Staat verleen is.⁹³ Die noodtoestand het ook beteken dat Vaaldriehoekse soldate in die swart woongebiede van die Vaaldriehoek en in ander sentra diens gedoen het.⁹⁴

4.4.2 TEENREWOLUSIONÊRE OPTREDE

Die persepsie het bestaan dat daar teen die tagtigerjare 'n brutale rewolusionêre aanslag met onkonvensionele metodes gevoer is.⁹⁵ Ten einde rewolusionêre elemente te beveg, was die veiligheidspolisie, militêre inligting en nasionale intelligensie ook in die Vaaldriehoek werksaam.⁹⁶ Die weermag het nie net die ondersteurte polisie bygestaan nie, maar ook 'n verskeidenheid burgersake-aksies uitgevoer.⁹⁷ Daar is byvoorbeeld van mediese spanne en onderwysers gebruik gemaak en in sommige gebiede het die weermag bestuursfunksies oorgeneem.⁹⁸

Organisasies soos die UDF en vakbonde is deur die weermag dopgehou omdat daar geglo is dat dié organisasies agter onluste gesit het.⁹⁹ Vakbonde het stelselmatig die spreekbuis en hefboom van swart arbeiders geword.¹⁰⁰ Die verbruikersboikot van 1990 het tot gevolg gehad dat Shoprite op Vanderbijlpark moes sluit.¹⁰¹ Die weermag het ook 'n oog oor nywerheidsaksie gehou. Daar is byvoorbeeld tydens 'n ordergroep van Vereeniging Kommando daarna verwys dat die *National Union of Metal Workers* (NUMSA) vanaf 2 Augustus 1990 sou

⁹³ F. W. de Klerk, *The last trek – a new beginning*, p. 120.

⁹⁴ Koerantuitknipsel van Des. 1987 in plakboek van lt.kol. J. C. Zelle.

⁹⁵ M.A. de M. Malan, Submission to the truth and reconciliation commission, p. 10.

⁹⁶ MAV, p. 177. 03072000, Scholtz, R.G., (35) Vereeniging.

⁹⁷ D.J. van Vuuren (e.a eds.), *South Africa: The challenge of reform*, p. 419; Vgl. ook M.A. de M. Malan, Submission to the truth and reconciliation commission (), p. 7.

⁹⁸ Vgl. K.W. Grundy, *The militarization of South African politics*, p. 28.

⁹⁹ MAV, p. 223. 06122000, Kritzing, W.H., (58) Pretoria.

¹⁰⁰ W. Corbett & R. Cohen (eds.), *Popular struggles in South Africa*, p. 29.

¹⁰¹ Anon, " 'n Grote tuimel – boikotslagoffer?", in *Vaalweekblad*, 21.09.1990.

staak en dat munisipale werkers van Meyerton aangery is om in Vereeniging te betoog.¹⁰²

Tydens 'n ordergroep van die Vereeniging Kommando wat op 4 Julie 1990 gehou is, is daarna verwys dat die huurboikot voortgaan en dat die ANC en PAC in Lusaka bymekaargekom het en bevestig het dat die gewapende stryd voortgaan.¹⁰³ In Sharpeville het die *Comrades* gesorg dat die wegblyaksie van Augustus 1991 suksesvol was deur lojale swart werkers en swart klante wat na die sakesentrums van Vereeniging en Vanderbijlpark wou gaan, met sambokke toegetakel word. Paaie is ook in Sharpeville en Sebokeng met klippe versper. Die weermag het egter die versperrings in Sebokeng verwyder.¹⁰⁴

Die destydse bevelvoerder van die veiligheidspolisie in Vereeniging, lt. kol. Bertus Steyn (later generaal), het daartoe bygedra om 'n Swart Magorganisasie wat landwyd geopereer het, bloot te lê.¹⁰⁵ Die veiligheidspolisie het ook daarin geslaag om *Umkhonto we Sizwe* (MK) en *Azanian People's Liberation Army* (APLA) lede wat gevange geneem is, se lojaliteit te verander. Dié mense is dan gebruik om op hulle voormalige makkers vir die polisie te spioeneer. Hulle het ander lede uitgewys en die polisie na 'veilige huise' geneem. Daar word egter gemeen dat dit moeilik was om die 'omgedraaides' te beheer.¹⁰⁶ Een voorbeeld van 'n omgedraaide uit die Vaaldriehoek was Samuel Motsaung van Evaton.¹⁰⁷

¹⁰² Dagboek, Vereeniging Kommando, Notule van bevelvoerdersvergadering, 01.08.1990.

¹⁰³ Dagboek, Vereeniging Kommando, Notule van bevelvoerdersvergadering, 04.07.1990.

¹⁰⁴ Anon, " 'Comrades' onder beheer gebring na sambok-aanvalle", in *Vaalweekblad*, 16.08.1991.

¹⁰⁵ Anon, "Lt.kol. Steyn na W.T. met bevordering", in *Vaalweekblad*, 02.12.1982; Vgl. ook MAV, p. 225. 12122000, Steyn, J. A., (61) Pretoria.

¹⁰⁶ MAV, p. 161. 27072000, Van der Walt, F.P., (42) Vereeniging; MAV, p. 226. 12122000, Steyn, J.A., (61) Pretoria.

¹⁰⁷ MAV, p. 175. 03072000, Scholtz, R.G., (35) Vereeniging.

Die rewolusionêre klimaat was teen 1988 aan die toeneem. Meer as 50 persent van alle terreurvoorvalle het in die verantwoordelikhedsgebied van die Kommandement Witwatersrand voorgekom.¹⁰⁸ Die veiligheidsmagte het teen die einde van die tagtigerjare toegegee dat hulle in die Kommandement Witwatersrand op sekere terreine nie suksesvol was nie. Skole is nog deur vyandige elemente beheer en die vyand was besig om die propaganda-oorlog te wen. Die vrylating van aangehoudenenes het ondermynend ingewerk, terwyl gebrek aan optrede teen dienspligweieraars die magsbasis van die weermag geknou het. Die sekerheid van weermag-installasies was ook 'n bron van kommer.¹⁰⁹

Die geweldsituasie het die begin van die negentigerjare ook in die verantwoordelikhedsgebied van Groep 17, waarvan die hoofkwartier in Vereeniging gestasioneer was, 'n vreespsigose geskep terwyl sekere groepe probeer het om die veiligheidsmagte te diskrediteer. Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) is deur sekere groepe gebruik om die beeld van die veiligheidsmagte aan te tas. Verder is gekla dat daar geen beheer oor vyandelike propaganda was nie en dat die onttrekking van die weermag uit swart woongebiede tot 'n toename in geweld sou lei.¹¹⁰

Teenmobilisasie was 'n belangrike onderdeel van die teenrewolusionêre oorlogvoering. Dit het volgens die Amerikaanse benadering behels dat die '*hearts and minds*' van die bevolking gewen moes word. Die gedagte van teenmobilisasie was deel van 'strategie 44' wat in 1986 formeel deur die

¹⁰⁸ Notule van kommandement-bevelskonferensie gehou te Nasrec, Kmdt Wit/522/1/1/5, 18.11.1988, p. 17.

¹⁰⁹ Notule van kommandement-bevelskonferensie gehou te Nasrec, Kmdt Wit/522/1/1/5, 18.11.1988, p. 18.

¹¹⁰ Dagboek, Vereeniging Kommando, Notas van bevelvoerderskonferensie Groep 17, 24.06.1991.

staatsveiligheidsraad aanvaar is.¹¹¹ In die Vaaldriehoek is ook sulke programme geïmplementeer.

Projek Anker het onder Projek *Orange* geval wat die nasionale teen-mobilisasieprogram was. In die Vaaldriehoek was daar die *Eagle* Jeugklubs en die Vaaldriehoekse Swart jeugprojek. Projek Nehemia is van stapel gestuur omdat daar gemeen is dat die vyand die kerk gebruik het om sy aanslag te regverdig. Dit was nodig geag om die teologie van bevryding vanuit kerklike terrein te beveg.¹¹² Projek Nehemia is in die Vaaldriehoekse swart woonbuurte geïmplementeer.¹¹³ In die Noord-Vrystaat het die polisie met 'n spesiale projek, Operasie 'n Toffie vir 'n Tyre begin. Dié operasie het ten doel gehad om burgerlike gehoorsaamheid by die swart bevolking te bevorder, om die vyandelike gevoel teen die polisie teen te werk, 'n gunstige klimaat vir die werwing van beriggewers te skep en om griewe te identifiseer. In Tumahole by Parys is 'n skoonmaakaksie geloods. Polisievoertuie met luidsprekers het deur die strate gery en die inwoners aangemoedig om skoon te maak en huurgeld te betaal.¹¹⁴

Benewens die verskillende projekte is ook van ander metodes gebruik gemaak. Die weermag het van 'n benadering gebruik gemaak wat kommunikasie-operasies (kom-ops) genoem is, waar gepoog is om die burgerlike bevolking deur middel van aksies soos byvoorbeeld kleuterskoolbesoeke, mediese bystand en onderwys hulp te bereik. Deur middel van padblokkades en soekoperasies is verdagtes en wapens opgespoor. Seinmonitorapparaat van 2 sein regiment is terselfdertyd by Groep 17 in Vereeniging ontplooi. Dié stap is gedoen nadat

¹¹¹ TRC, *Volume two: Truth and reconciliation commission of South Africa report* (Cape Town, Juta, 1998), p. 298.

¹¹² Notule van kommandement-bevelskonferensie gehou te Nasrec, Kmdt Wit/522/1/1/5, 18.11.1988, p. 21; Sien ook aanhangsel H Bybelskader-konferensie.

¹¹³ DDD, Kmdt. Wit., *Eenheidsgeskiedenislêer: Sasol Kommando: Geskiedenis van die Sasol Kommando*, p. 12.

¹¹⁴ J. Ferreira, " 'n Toffie vir 'n 'tyre' ", *Servamus*, September 1986, p. 8.

selfverdedigingseenhede in 'n stadium selfs radioverbinding tussen verskillende swart woongebiede in die Vaaldriehoek bewerkstellig het. Sein-spesialiste van die weermag moes alle radioseine na Sebokeng en Evaton blokkeer.¹¹⁵ Tydens die 1994-verkiesing is daar ook van die Seeker onbemande spioenasievliegtuig gebruik gemaak om verkiesingspunte te monitor.¹¹⁶

Die ANC het die onlusituasie beide militêr en polities tot sy voordeel benut.¹¹⁷ Die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) het bevind dat die oorsprong van konflik histories gefundeer was en dat die geneigdheid bestaan het om geskille gewelddadig op te los. Daar word egter gemeen dat konflik nie tot sulke hoë vlakke van geweld sou spiraal het as dit nie daarvoor was dat die veiligheidsmagte dit toegelaat en selfs gefasiliteer het nie.¹¹⁸

4.4.3 DIE IMPAK VAN DIE TOWNSHIP-OORLOG OP MILITÊRE AKTIWITEITE

Daar is aanvanklik beplan om die weermag op 1 Julie 1990 uit die swart woonbuurte te onttrek.¹¹⁹ Die eskalerende geweld in swart woonbuurte het dit egter nodig gemaak dat die weermag van tyd tot tyd op groot skaal in swart woongebiede ontplooi moes word.¹²⁰ Sedert Februarie 1990 was daar 'n dramatiese toename in geweld in die Vaaldriehoek. Die sogenaamde *township*-oorlog het op 22 Julie 1990 in Sebokeng begin en na gebiede aan die Rand uitgekring. Die deelnemers daaraan was hoofsaaklik Inkatha-gesinde hostelinwoners en jeugdige inwoners van swart woongebiede.¹²¹ Dié toestand

¹¹⁵ MAV, p. 153. 26062000, Joubert, A., (38) Vanderbijlpark.

¹¹⁶ Vgl. D. Snyman, "Eye in the sky", *You*, nr. 359, 1 September 1994, p. 32.

¹¹⁷ M. Hough, *Revolt in the townships*, in A. J. Venter (ed.), *Challenge....*, p. 400.

¹¹⁸ TRC, *Volume two: Truth and reconciliation commission of South Africa report*, p. 308.

¹¹⁹ Dagboek, Vereeniging Kommando, Bevelvoerderskonferensie Groep 17, 16.01.1990.

¹²⁰ Vgl. C. le Roux, "Geregtelike ondersoek: feite kom stadig na vore", in *Vaalweekblad*, 14.12.1990.

¹²¹ A Minnaar (ed.), *Communities in isolation: Perspective on hostels in South Africa* (Pretoria, HSRC, 1993), p. 10.

was 'n gevaar vir landsveiligheid en het ook ernstige implikasies vir die veiligheidsmagte ingehou.¹²²

In die *township*-oorlog is die weermag dikwels in swart woongebiede van die Vaaldriehoek en elders ontplooi. 'n Berede afdeling van Groep 17 is gedurende September 1990 in die Vaaldriehoek, Soweto en in Kagiso ontplooi. Berede soldate is van besondere waarde beskou omdat hulle oor terrein kon beweeg wat vir voertuie moeilik begaanbaar was.¹²³ Paaie is byvoorbeeld dikwels met betonblokke en motorwrakke toegepak, ten einde die bewegings van die veiligheidsmagte te beperk.¹²⁴

Een van die kenmerke van die *township*-oorlog was dat onbekende mense uit voertuie en treine op voetgangers geskiet het. Gedurende November 1990 is daar vanuit bewegende treine in Vereeniging en Meyerton met AK47-gewere op mense gevuur.¹²⁵ Daar was ook aanvalle op soldate. Op 23 Mei 1992 is daar in Sebokeng op 'n voetpatroolie van die weermag geskiet. Op 24 Mei is daar in Sharpeville twee keer op soldate geskiet.¹²⁶ In Junie 1992 het plaaslike strukture aan inwoners van swart woongebiede opdrag gegee om slote oor die strate te grawe om die beweging van die veiligheidsmagte daar te bemoeilik.¹²⁷ Die *township*-oorlog het meegebring dat meer soldate vir die handhawing van binnelandse orde ná 1990 ontplooi is as in enige stadium gedurende die grensoorlog.¹²⁸ In die uitvoering van operasies sedert 1990 is 'n wye

¹²² MAV, p. 166. 28062000, Lombard, S. J., (51) Vanderbijlpark; MAV, p. 20. 06072000, Malan, M. de M., (69) Pretoria; Vgl. A Minnaar (ed.), *Communities in isolation...*, p. 1.

¹²³ R. Torr, "Troops bring calm to the townships", *Paratus*, 41(10), Oktober 1990, p. 41; Anon, "Swart inwoners vra dat magte bly", in *Vaalweekblad*, 12.10.1990.

¹²⁴ M. Granelli, "Township violence: An experience with Gp 17", in *Uniform*, Oktober 1990, p. 2.

¹²⁵ Anon, "Sewe sterf, talle gewond in AK47-voorvalle" in *Vaalweekblad*, 16.11.1990.

¹²⁶ C. Alberts, "Geweldsklimaat word ontgin", in *Uniform*, Junie 1992, p. 7; Vgl. MAV, p. 112. 23042000, Molefi, M. J., (44) Vereeniging.

¹²⁷ P. Retief, "Van oral oor", in *Uniform*, Julie 1992; Anon, "SAP bly 'n teiken", in *Vaal Ster*, 27-31.07.1992.

¹²⁸ Anon, "Comment: The SADF", in *Citizen*, 17.02.1993.

verskeidenheid veiligheidsorganisasies betrek, soos die weermag, polisie, verkeersdepartemente, private sekuriteitsondememings en buurtwagte.¹²⁹

Die weermag het die *African National Congress* (ANC) en die *Pan African Congress* (PAC) teen 1991 steeds as die vyand beskou, terwyl die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party (SAKP) en die *United Democratic Front* (UDF) met agterdog bejeën is. Daar is gewaarsku dat meer aanvalle op voertuie van die veiligheidsmagte te wagte kon wees. Die veiligheidsmagte van die Vaaldriehoek is ook gewaarsku oor die massavergadering wat op 27 Januarie 1991 in Sebokeng gehou sou word.¹³⁰

Op 17 Januarie 1991 is in Sebokeng 35 mense gedood en 40 gewond nadat aanvallers willekeurig op inwoners geskiet het.¹³¹ Die gevolg van die voorval was dat die polisie en weermag weer in sterkte in dié gebied ontplooi is.¹³² In reaksie op die insident het die minister van wet en orde, Adrian Vlok, 'n aandklokkeel in Sebokeng afgekondig en terselfdertyd dié woonbuurt tot onrusgebied verklaar.¹³³ Nelson Mandela het gemeen dat indien die regering die geweld wou beëindig, hy dit sou kon doen omdat hy oor 'n goed toegeruste leer en polisiemag beskik het.¹³⁴ Toe daar wel soldate in die gebied in die gebied

¹²⁹ B. Stuart, T. Stirling, "Big anti-crime drive planned", in *Citizen*, 25.04.1990.

¹³⁰ Dagboek, Vereeniging Kommando, Bevelvoerderskonferensie Groep 17, 21.01.1991.

¹³¹ Anon, "Terror after bloodbath", in *Vaal Ster*, 14-18.01.1991; Vgl. ook M. Schwenn, "Deurbraak vir SAP: Moordwapens opgespoor", in *Vaalweekblad*, 18.01.1991; M. Schwenn, "12 vas na massamoord", in *Vaalweekblad*, 18.01.1991; Anon, "Sebokeng massacre: two youths held", in *Citizen*, 22.01.1991.

¹³² K. Owen, *South Africa 1990-1994: The miracle of a freed nation* (Cape Town, Dan Nelson & Sunday Times, 1994), p. 41.

¹³³ Anon, "10 arrested after AK-47 horror", in *Vaal Ster*, 14-18.01.1991; Anon, "The Citizen Comment: AK-47", in *Citizen*, 04.01.1991; Sapa, S. Baer, M. Vermaak, "10 held for Sebokeng massacre", in *Citizen*, 14.01.1991; Anon, "Foto: Militêre eenhede patroleer strate in Sebokeng na moord op 35 ANC ondersteuners", in *Patriot*, 18.01.1991.

¹³⁴ Sapa, S. Baer, M. Vermaak, "10 held for Sebokeng massacre", in *Citizen*, 14.01.1991.

ontplooï is, is daar egter gemeen dat die veiligheidsmagte teen die bevolking ingespan word.¹³⁵

Op die bevelvoerderskonferensie van Groep 17 van 21 Januarie 1991 is die situasie in Bekkersdal as “deurmekaar” beskryf. Daar is gewaarsku dat die ANC in die Vaaldriehoek nie gaan lê het nie en dat die veiligheidsmagte versigtig moes wees omdat skerpskutters lê en wag waar insidente plaasgevind het. Die veiligheidsmagte is ook gewaarsku dat kleeftmyne aan voertuie geheg kon word. Terselfdertyd was daar ’n toename van roof en plundery in landelike gebiede.¹³⁶

Teen die middel van 1992 was dit weer nodig dat die leëenhede in die swart woongebiede ontplooï word. Die eerste taak was om die paaie gelyk te maak en om slote oor paaie toe te maak. Gedurende die dag is motorfiets- en berede patrollies deur soldate uitgevoer. Snags is militêre voertuie op strategiese plekke geparkeer. Dié optrede van die weermag het daartoe gelei dat die nagtelike terreur in brandpunte van Sebokeng soos Sone 13 en Sone 7 beëindig is.¹³⁷

Sogenaamde ‘no-go areas’ is geskep waar strukture soos ‘people’s courts’ en area- en blokkomitees begin funksioneer het. Dit was ’n poging wat aangewend is sodat die rewolusionêres hulle eie administratiewe en politieke beheer kon vestig.¹³⁸ *People’s Committees* en *Combat Units* was ook in die Vaaldriehoek bedrywig.¹³⁹ *People’s Courts* is in die bevryde gebiede ingestel.¹⁴⁰ Daar was

¹³⁵ M. Vermaak, “Total of deaths in Sebokeng massacre rises to 38” in *Citizen*, 15.01.1991.

¹³⁶ Dagboek, Vereeniging Kommando, Bevelvoerderskonferensie Groep 17, 21.10.1991.

¹³⁷ Anon, “Trench war could be ending”, in *Vaal Ster*, 10-14.08.1992; MAV, p. 112. 23042000. Molefi, M.J., (44) Vereeniging.

¹³⁸ H. D. Stadler (ed.), *The other side of the story*, p. 65; Vgl. ook M. Hough, *Revolt in the townships*, in A. J. Venter (ed.), *Challenge*, p. 399.

¹³⁹ Anon, *Swart bewussyn en jeugorganisasies in Suid-Afrika*, pp. 65, 68.

¹⁴⁰ Anon, *Swart bewussyn en jeugorganisasies in Suid-Afrika*, p. 66.

ook in die Vaaldriehoek sogenaamde 'no go areas', soos byvoorbeeld Sone 7 in Sebokeng.¹⁴¹

Die situasie in swart woonbuurte het die intensiteit van militarisering van gemeenskappe verhoog.¹⁴² In die ISCOR-hostelle was daar heelwat onwettige wapens. Daar is selfs opleiding in militêre optredes gegee.¹⁴³ In 'n toespraak tydens die Mei-dagvieringe van 1991 in Sebokeng, het mnr Papi Kganare verklaar dat slegs die weermag en polisie geweld kan stop.¹⁴⁴ Ná verskeie voorvalle van geweld in Sharpeville, is Vereeniging in Maart 1992 weer tot 'n onrusgebied verklaar.¹⁴⁵

Die situasie in die Vaaldriehoek se swart woonbuurte was so erg dat daar van Vaaldriehoekse oorlogsones gepraat is.¹⁴⁶ Sogenaamde verraaiers se huise is afgebrand. Mangate is met dooie diere verstop en rotse en klippe het verhoed dat voertuie sekere gebiede kon binnegaan. Daar is beraam dat dit minstens R 8 miljoen sou kos om die skade te herstel.¹⁴⁷ In Sharpeville is gebiede afgebaken met name soos Beiroet, Irak en Iran. Daar is gemeen dat Sharpeville letterlik soos Libanon geword het. Gewapende *Comrades* het die strate gepatrolleer en padversperrings opgerig. In die dag en nag is geweervuur en ontploffings gehoor.¹⁴⁸ Dala Jose en Johannes Kasanga het nog die situasie in 1992 onthou.

¹⁴¹ MAV, p. 215. 27.11.2000, Botha, W. M., (34) Vereeniging; MAV, p. 112. 23042000. Molefi, M.J., (44) Vereeniging.

¹⁴² D. Reed, *Beloved country: South Africa's silent wars* (Johannesburg, Jonathan Ball, 1994), p. 2. MAV, p. 112. 23042000. Molefi, M.J., (44) Vereeniging.

¹⁴³ Dagboek, Vereeniging Kommando, Bevelvoerderskonferensie Groep 17, 21.10.1991; Vgl. ook MAV, p. 141, 18062000, Jose, D., (32) Vereeniging.

¹⁴⁴ Anon, "Cosatu's action programme: De Klerk and his gang must be replaced", in *Vaal Ster*, 06-10.05.1991; Vgl. ook Anon, "Blacks carry the burden of cruel apartheid system", in *Vaal Ster*, 06-10.05.1991.

¹⁴⁵ Anon, "Vereeniging declared an unrest area: Bloodbath in Sharpeville reaches crises proportions", in *Vaal Ster*, 16-20.03.1992; Anon, "40 killed in political violence since Friday", in *Citizen*, 16.03.1992.

¹⁴⁶ MAV, p. 112. 23042000. Molefi, M.J., (44) Vereeniging.

¹⁴⁷ Anon, "Terror and the new South Africa", in *Patriot*, 31.07.1992.

¹⁴⁸ MAV, p. 81. 22022000, Coetzee, E.R., (47) Risiville.

Hulle was lede van 32 bataljon wat in 1992 in Sebokeng ontplooi is. Hulle het saam met stootskrapers in die gebied inbeweeg sodat die slote oor die paaie opgevul kon word. Alhoewel baie inwoners bly was om soldate te sien, was daar ook gedeeltes waar die inwoners baie vyandiggesind was. In die proses van opruim is op 'gehalsnoerdes' afgekom en baie mense is gearresteer.¹⁴⁹

President F. W. de Klerk het in Augustus 1992 in Vereeniging gesê dat die stad gedurende Junie en Julie 1992 een van die brandpunte in Suid-Afrika was en dat die doelwit van diegene wat die land onregeerbaar wou maak, was om op die Vaaldriehoek te fokus.¹⁵⁰ Ingevolge die staatspresident se tienpuntplan om geweld te bekamp, is duisende soldate aan die einde van Maart 1993 opgeroep en ontplooi. Die meeste van die soldate is in die Vaaldriehoek en in Natal ontplooi. Dit was die grootste oproep sedert die Tweede Wêreldoorlog. Soldate wat in dié tyd in Bekkersdal ontplooi is, het hulle verligting uitgespreek dat hulle nie in Sharpeville of Sebokeng diens moes doen nie, omdat dié twee woonbuurtes volgens hulle veel gevaarliker was.¹⁵¹ Eland-pantserkarre van 1 Spesiale Diensbataljon (SDB) met deels swart soldate is ook gedurende 1993 in Sebokeng ontplooi. Matheus Zaimo onthou hoedat inwoners vyandig was omdat hulle nie gebore Suid-Afrikaners was nie.¹⁵²

Omdat APLA gedreig het om die oorlog na blanke woonbuurte uit te brei, het soldate en polisiemanne ook blanke woongebiede in die Vaaldriehoek

¹⁴⁹ MAV, p. 141, 18062000, Jose, D., (28) en Kasanga, J., (28) Vereeniging.

¹⁵⁰ Anon, "FW baie beïndruk", in *Vaalweekblad*, 07.08.1992.

¹⁵¹ E. Engelbrecht, "Soldate in die strate: Grootste oproep sedert Tweede Wêreldoorlog", in *Rapport*, 12.04.1993; Vgl. ook Suid-Afrika (Republiek), Debatte van die parlement: vyfde sessie, negende parlement, no. 9, 29 Maart – 2 April 1993, kolom 3882.

¹⁵² Meneer M. Zaimo het in die Kavango grootgeword en moes soos baie ander lojale swart Suid-Afrikaanse soldate na die onafhanklikheidswording van Namibië in 1989, saam met die Suid-Afrikaanse weermag na Suid-Afrika uitwyk. Hulle was voltydse lede van die weermag tot na 1994. Omdat hulle as uitlanders deur Vaaldriehoekse swartes beskou is, is hulle dikwels met vyandigheid bejeën. MAV, p. 140, 16062000, Zaimo, M., (32) Vereeniging.

gepatrolleer.¹⁵³ Teen Julie 1993 het aanvalle op die weermag afgeneem. In daardie stadium was daar 'n vredesekretariaat wat die aktiwiteite van gewapende organisasies gemonitor het.¹⁵⁴

4.4.4 DIE STIG VAN STEUNPUNTE

Daar was enkele steunpunte in die Vaaldriehoek. Die doel met steunpunte was om soldate op verskillende plekke in en naby swart woongebiede gereed te hê, om onmiddelik enige probleem te kon neutraliseer.¹⁵⁵ Die gedagte van steunpunte in die Vaaldriehoek het by genl. Wessel Kritzinger ontstaan. Steunpunte was deel van die 'oliekoltegniek'. Soldate is volgens dié benadering vinnig na probleem-gebiede geneem om daar probleemkolle te isoleer en te neutraliseer.¹⁵⁶ Die Bekkersdal steunpunt is as 'n tipiese plattelandse operasionele basis beskryf.¹⁵⁷ Dié steunpunt was 'n operasionele basis met hoë walle rondom en 'n uitkyktoring.¹⁵⁸ Die steunpunt in Bekkersdal het daartoe bygedra dat lede van Groep 17 in September 1991 goud en platinum ter waarde van meer as R7,5 miljoen gevind het.¹⁵⁹

Daar was ook tydelike steunpunte. Tydelike steunpunte is in Sharpeville en in Wheelers Farm gestig. Steunpunte op verskillende plekke was in die geval van Sebokeng baie belangrik.¹⁶⁰ Indien 'n probleem in Sebokeng ontstaan het, kon

¹⁵³ E. Engelbrecht, "Soldate in die strate: Grootste oproep sedert Tweede Wêreldoorlog", in *Rapport*, 12.04.1993.

¹⁵⁴ Anon, "Vroue maak kennis met lewe in swart gebiede", in *Vaal Ster*, 23.07.1993.

¹⁵⁵ Anon, "Kmdt Wit., verseker teenwoordigheid", in *Uniform*, Maart 1992, p.2; M. Kemp, "Steunpunt slaan 'n bres vir vrede", *Paratus*, 43(4), April 1992, p. 24.

¹⁵⁶ MAV, p. 221. 06122000, Kritzinger, W. H., (58) Pretoria.

¹⁵⁷ MAV, p.244. 17092001, Du Plooy, C.W., (48) Drie Riviere.

¹⁵⁸ MAV, p. 122. 02052000, Porter, C.J. (31) Vereeniging.

¹⁵⁹ I.S. Scott, "Gp 17 is worth its weight in gold", in *Uniform*, Oktober 1991, p. 3; Vgl. ook MAV, p. 51. 14012000, Erasmus. A. P., (46) Meyerton.

¹⁶⁰ MAV, p. 222, 06122000, Kritzinger, W.H., (58) Pretoria; Anon, "Sakemanne kyk na Groep 17 se werk", in *Vaalweekblad*, 13.12.1991.

soldate die woonbuurt uit drie rigtings, naamlik van Wheelers Farm, Groep 17 en van Sharpeville binnekom.¹⁶¹

4.4.5 KRITIEK OP DIE VEILIGHEIDSMAGTE NÁ 1990

Die burgeroorlogssituasie wat in 1990 ontstaan het, was 'n struikelblok in die weg van 'n onderhandelde skikking.¹⁶² Die *township*-oorlog was boonop met die gewapende stryd vervleg.¹⁶³ Nelson Mandela het gedreig dat die ANC die gewapende stryd sou hervat, indien die regering die geweld nie stop nie.¹⁶⁴ Die Duitse tydskrif *Der Spiegel* het berig dat president De Klerk beheer oor die veiligheidsmagte verloor het.¹⁶⁵ Die ANC was van mening dat ook die veiligheidsmagte tot 'n skietstilstand verbind moes word, ten einde die geweld in die land te beëindig.¹⁶⁶ In hierdie fase van faksiekonflik is die veiligheidsmagte vir feitlik elke insident waar mense aangeval is, verantwoordelik gehou.¹⁶⁷ Van die ergste insidente het in die Vaaldriehoek plaasgevind.¹⁶⁸

Die polisie en weermag is daarvan beskuldig dat hulle aan die kant van Inkatha was en radikale linkse groepe het gevra vir die onttrekking van die weermag uit die swart woongebiede.¹⁶⁹ Die feit dat die polisie vanaf Januarie 1991

¹⁶¹ MAV, p. 155. 26062000, Joubert, A., (38) Vanderbijlpark.

¹⁶² E. Potenza(e.a), *Images of defiance: South African resistance posters of the 1980's* (Johannesburg, Ravan, s.j.), p. 15; Anon, "Bitter harvest of liberalism and weakness: Looking for solutions", *Impact*, nr. 5, Junie 1992, p. 13.

¹⁶³ Anon, "U woord my lig: Die prys van vrede", in *Vaalweekblad*, 13.03.1992.

¹⁶⁴ Anon, "The Citizen Comment: Armed struggle", in *Citizen*, 26.05.1990.

¹⁶⁵ Anon, "The Citizen Comment: M's threat", in *Citizen*, 11.09.1990.

¹⁶⁶ Anon, "Südafrika: Pfiffe in der Nacht", *Der Spiegel*, 38(44), 17 September 1990, p. 188.

¹⁶⁷ Anon, "The Citizen Comment: Rough road", in *Citizen*, 06.08.1990.

¹⁶⁸ F. W. de Klerk, *The last trek – a new beginning*, p. 199; Vgl. ook S. Sithole, "Brief: Beware the Zulus", in *Citizen*, 24.09.1990.

¹⁶⁹ MAV, p. 187. 13072000, Van den Berg, F. J., (54) Falconridge; MAV, p. 167. 28062000, Lombard, S. J., (51), Vanderbijlpark.

¹⁷⁰ P. Sakoane, "Township violence: Black unity – and rain! – the solution", in *Vaal Ster*, 10-14.09.1990; Anon, "The Citizen Comment: Disquieting", in *Citizen*, 13.08.1990; Vgl. ook Anon, "The Citizen Comment: Emergency", in *Citizen*, 21.08.1990.

kamoeffleeruniforms in swart woongebiede gedra het, is vertolk as simptome van 'n binnelandse oorlogssituasie.¹⁷⁰ Dit was ook in dié tyd dat die bestaan van die sogenaamde *hit squads* en Askari's onthul is. Die swart publiek se vertroue in die polisie is daardeur verder geskok.¹⁷¹

Die veiligheidsmagte is geïmpliseer toe die Vaal Kommando gedurende November 1991 'n aantal hostelbewoners vir 'n eendag-opleidingskamp opgeroep het. Dit is as 'n bewys daarvan gesien dat die veiligheidsmagte wel by die opleiding en bewapening van Inkatha-ondersteuners betrokke was.¹⁷² Op 17 Junie 1992 het die Boipatong-slagting plaasgevind wat die beeld van die veiligheidsmagte verder in gedrang gebring het.¹⁷³ Meneer Mandela het na aanleiding van die voorval verklaar dat onderhandeling nie sou kon voortgaan, indien die regering nie die geweld kon beëindig nie.¹⁷⁴

4.5 MILITÊRE OPERASIES IN DIE VAALDRIEHOEK

Daar is ná Oktober 1984 'n hele aantal operasies in die Vaaldriehoek uitgevoer. Van dié operasies was deel van landwyse operasies, terwyl ander operasies weer op die streek gefokus het. Die weermag het die polisie gehelp om mannekragprobleme te bowe te kom.¹⁷⁵ Die Kommandement Witwatersrand het teen 1988 gevoel dat te min terroriste gevang is en dat nie genoeg

¹⁷⁰ T. Stirling, "Township patrols to wear camouflage" in *Citizen*, 24.01.1991.

¹⁷¹ Anon, "ANC wants new probe into hit squads" in *Citizen*, 24.01.1991.

¹⁷² A. Minnaar(ed.), *Communities in isolation...*, pp. 18,19; Vgl. MAV, p. 167. 28.06.2000. Lombaard, S.J., (51) Vanderbijlpark.

¹⁷³ P. Mabuye, "Boipatongs agony", in *Vaal Ster*, 22-26.06.1992; Vgl. ook Anon, "Judge grants bail to 11 of Boipatong accused", in *Citizen*, 17.11.1992.

¹⁷⁴ B. Stuart, Sapa, "No talks before violence ends", in *Citizen*, 18.07.1992; Anon, "Bloodbath drowning talks", in *Toronto Star*, 08.09.1992.

¹⁷⁵ S. Forbes, "Township unrest: This is how the SAP and SADF co-operate", *Paratus*, 42(4), April 1991, p. 45.

wapenopslagplekke gevind is nie.¹⁷⁶ Die konsep van militêre operasies ná 1990 het op twee bene gestaan, naamlik hulpverlening aan die polisie en gebiedsbeskerming. Dit was noodsaaklik dat gesamentlike operasiesentrums (GOS) op alle vlakke waar daar met die polisie saamgewerk is, gestig moes word.¹⁷⁷ Die feit dat die PAC met sy militêre stryd volgehou het, sowel as armoede, het die binnelandse veiligheidsituasie beïnvloed.¹⁷⁸

Sedert 1990 het militêre operasies ten doel gehad om die misdaadsituasie te bekamp. Operasies is uitgevoer met die samewerking en ondersteuning van die weermag, polisie, verkeersdepartement en later ook met buurtwagte en sekuriteitsmaatskappye.¹⁷⁹ Teen 1991 het kommando's ook begin om blanke woongebiede te patroleer.¹⁸⁰ Afgesien van Groep 17 en plaaslike kommando's en regimente het elemente van ander eenhede soos 32 Bataljon en 1 SDB ook van tyd tot tyd diens in die Vaaldriehoekse swart woongebiede gedoen.¹⁸¹

Die Kommandement Witwatersrand het van 13 tot 15 Februarie 1994 'n omgewingsanalise gedoen. Daar is onder meer gekyk na die verskillende scenarios ten opsigte van opponente en die vyand. Die landgeveg kon binne die goedgekeurde strategie gevoer word. Die staatsgesag sou beveilig word teen aanslae deur:

- a. die voorkoming en onderdrukking van terrorisme;
- b. die voorkoming en onderdrukking van binnelandse onluste; en

¹⁷⁶ Notule van kommandement-bevelskonferensie gehou te Nasrec, Kmdt Wit/522/1/1/5, 18.11.1988, p. 7.

¹⁷⁷ Notule van BG bevelskaderkonferensie gehou te Alberton stadsaal op 9 en 10 November 1990, p. 2; W. Wiese, "Van oorlog na onlus – impak op die soldaat", *Paratus*, 43(10), Oktober 1982, p. 30; MAV, p. 144. 26062000, Deyzel, G., (39) Vanderbijlpark.

¹⁷⁸ Anon, "National security and strategic doctrine in the RSA", *Paratus*, 41(10), Oktober 1990, p. 54.

¹⁷⁹ MAV, p. 52. 14012000, Erasmus, A.P., (46) Meyerton.

¹⁸⁰ Vgl. G. Hatton, "Comdo's now patrol White Suburbs", in *Uniform*, Junie 1991, p. 9.

¹⁸¹ MAV, p. 140, 16062000, Zaimé, M., (28) Vereeniging; MAV, p. 141. 18062000, Jose, D., (32) Vereeniging.

- c. die instandhouding van noodsaaklike dienste met inbegrip van die handhawing van wet en orde.¹⁸²

Die missie van die kommandement was om militêre dienste te lewer, ten einde sy gebiedsintegriteit te beskerm en om binnelandse veiligheid te handhaaf. Die kommandement het homself as 'n buigsame a-politiese streeksmag gesien wat ingestel was op die voer van kostedoeltreffende grondoperasies binne sy gebied.¹⁸³ Die visie van die kommandement was om by te dra tot die stabiliteit, veiligheid, vrede en voorspoed van die streek.¹⁸⁴

4.5.1 OORSIG VAN MILITÊRE OPERASIES VOOR 1984

Daar was gevalle voor 1984 waar die polisie orde in die Vaaldriehoekse swart woonbuurte moes herstel. Tussen 24 en 29 Junie 1956 het 100 polisiemanne bewapen met Sten-masjiengewere die orde tussen vegtende faksies in Evaton herstel.¹⁸⁵ Vaaldriehoekse militêre eenhede is egter eers ná die Sharpeville-voorval in Maart 1960 in 'n binnelandse rol aangewend. Die Regiment Vaalrivier was tydens dié voorval met opleiding in Youngsfield besig en is toe by Langa aangewend.¹⁸⁶ Vliegtuie van die lugmag het op die skare by Sharpeville afgeduik in 'n poging om hulle uiteen te dryf.¹⁸⁷ Nadat 'n noodtoestand in 1960 afgekondig is, is sekere eenhede van die aktiewe burgermag op bystand geplaas, terwyl die

¹⁸² DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 4, Houer 61, 501/6/1, Management directives SA Army, 28.03.1994, p. 1.

¹⁸³ DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 4, Houer 61, 501/6/1, Management directives SA Army, 28.03.1994, p. 3.

¹⁸⁴ DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 4, Houer 61, 501/6/1, Management directives SA Army, 28.03.1994, p. 5.

¹⁸⁵ C. Saunders(ed.), *Illustrated history of South Africa: The real story* (Cape Town, Reader's Digest, 1996), p. 391.

¹⁸⁶ L. Crook, *Youngs Field: A history of the anti-aircraft school* (Anti-aircraft school/10 Ant-aircraft regiment, Kimberley, 1991), p. 39.

¹⁸⁷ Anon, "Crowd gathers around Sharpeville police station", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 25.03.1960.; Vgl. MAV, p. 57. 20012000, Tredoux, J.G.C., (66) Drie Riviere; Vgl. ook W. Smith, *Rage* (London, Pan books, 1987), p. 482.

burgermagreserwe en alle kommando-eenhede ook op bystand was.¹⁸⁸ Sarracen-pantserkarre het terselfdertyd die strate van Vereeniging gepatrolleer.¹⁸⁹

Eers in 1980 was in die Vaaldriehoek weer sprake daarvan dat militêre eenhede in die streek ontplooi kon word. Die Kommandement Witwatersrand het kommando's in sy verantwoordelike gebied versoek om voor 18 Januarie 1980 te laat weet dat hulle 'n terrein beskikbaar het om 'n mag van kompaniegrootte of groter te kon akkommodeer. Eenhede moes ook inligting verskaf ten opsigte van industrieë en die mannekragssituasie met die oog op die stigting van nog industriële kommando's.¹⁹⁰

Die eerste keer dat plaaslike militêre eenhede weer na die Sharpeville-voorval gemobiliseer is, was na die SASOL-aanslag op 1 Junie 1980, toe die Sasol Kommando op 2 Junie 1980 om 17:00 gemobiliseer is.¹⁹¹ Die Sasolburg Kommando is vir 60 dae gemobiliseer om sleutelpunte aan die Vrystaatse kant van die Vaalrivier te patrolleer.¹⁹² Onmiddellik na die aanslag is een peloton ontplooi.¹⁹³ Die onluste sedert 4 September 1984 het meegebring dat die weermag betrokke geraak het in die bekamping van onluste.¹⁹⁴

¹⁸⁸ Vgl. P. Frankel, *An ordinary atrocity: Sharpeville and its massacre* (Witwatersrand University Press, 2001), p. 87.

¹⁸⁹ H.R., Pike, *A history of communism in South Africa*, p. 340.

¹⁹⁰ DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep2, Houer 420, 304/1/2, Gebeurlikheidsbeplanning SAW, Berigvorm: Mobilisasiebeplanning, 28.12.1979.

¹⁹¹ DDD, Pretoria, kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer: Regiment Sasolburg: Volume 2: Mobilisasie Sasolburg Kommando: Eenheidsorder deel 2.

¹⁹² MAV, p. 12. 23071998, Claassen, N., (41) Vereeniging.

¹⁹³ MAV, p. 16. 17091998, Coetzee, J., (42) Vanderbijlpark.

¹⁹⁴ SANDF Nodal Point, Submission iro the former SADF, SA Defence Force involvement in the internal security situation in the Republic of South Africa (<http://www.truth.org.za/submit/sadf.htm>), p. 43.

REEKS NR	DATUM	AKSIE
1	Jun-Des. 1980	2050 man per maand vir die beskerming van nasionale sleutelpunte (NSP'e) landswyd
2	Mar-Jun. 1981	480 man per maand vir kordonne en soektogte 620 man per maand vir padblokkades landswyd 1060 man per maand vir beskerming van NSP'e
3	Mei - Jun. 1981	Operasie ter ondersteuning van SAP in die Kommandement Witwatersrand
4	3-5 Aug. 1984	Padblokkades landswyd
5	16-17 Aug. 1984	Padblokkades landswyd vir beskerming van stemlokale
6	4 Sept. 1984	700 soldate beskikbaar gestel om SAP in onlustebeheer in Vaaldriehoek by te staan
7	19 Okt. 1984	SAW deur staatspresident in diens gestel om onluste te bekamp
8	22 Okt. 1984	Operasie Palmiet: Kordon- en soektog-operasies deur ongeveer 5000 soldate in Sebokeng en Boipatong
9	3/4 Nov. 1984	Padblokkades landswyd in die lig van wegblyaksie van 5 en 6 Nov. 1984
10	13 Nov. - 13 Des 1984	Landswye optrede in townships ter ondersteuning van SAP
11	6-9 Jan. 1985	Padblokkades landswyd in die lig van slegterwordende binnelandse situasie
12	22-28 Mar. 1985	SAW word betrokke op groot skaal in bekamping van onrus ter ondersteuning van SAP. SAW formeel deur die minister van verdediging opdrag gegee om onrus te bekamp.
13	24 Jul. 1989	SAW ontplooi in terme van Nasionale Gesamentlike Operasie Sentrum se riglyne om die Defiance Campaign se pogings om die verkiesing van 6 September te ontwig, aan bande te
14	1-2 Feb. 1990	SAW word opdrag gegee om uit swart woongebiede te onttrek
15	21 Mei. 1990	Operasie Redeye: Ter ondersteuning van SAP om onrus en terreur in stedelike gebiede te bekamp
16	1 Aug. 1990	Operasie Lonhom: Kordon en soektog in Sebokeng
17	13-19 Mar. 1992	Operasie Buttard: gekombineerde SAP/SAW operasie om onwettige wapens op te spoor
18	Apr. 1994	Operasie Jambu: ondersteuning van die onafhanklike verkiesingskomitee voor en tydens die verkiesing van 27 Apr. 1994

Tabel 1: Die ontplooiing van soldate in die Vaaldriehoek tussen Junie 1980 en April 1994.

Bron: SANDF Nodal Point, Submission iro the former SADF: SA Defence force involvement, in the internal security situation in the Republic of South Africa (www.truth.org.za/submit/sadf.htm), pp. 44-29.

4.5.2 OPERASIE PALMIET (1984)

Die onluste wat op 3 September 1984 in Sebokeng uitbreek het, en daarna landwyd versprei het, het 'n nuwe era in die aanwending van die weermag ingelui. Die weermag en polisie het om 03:00 op 23 Oktober 1984 in Sebokeng inbeweeg en die woongebied afgekordon. Die kabinet het op dié operasie besluit, ten einde rewolusionêre bedrywighede in die Vaaldriehoek uit te roei.¹⁹⁵ Die bevelvoerder van die operasie was brig. Gert Wandrag. Pamflette is aan die inwoners van Sebokeng uitgedeel om te verduidelik wat die veiligheidsmagte daar gedoen het.¹⁹⁶ Toegangsroetes is afgeseël, terwyl soldate langs die teerste strate tien meter uit mekaar gespaseer is. Soldate en polisiemanne uit Noord-Transvaal en Potchefstroom het ook aan die operasie deelgeneem.¹⁹⁷ Tydens die operasie is 'n gebied van meer as 3 500ha afgekordon.¹⁹⁸ Met die gebeure van September 1984 het die operasionele gebied tot in die Vaaldriehoek uitgebrei.¹⁹⁹

Die Vaaldriehoekse kommando's het ook 'n rol in dié operasie gespeel. Lede van die Vereeniging Kommando het van 22 tot 24 Oktober daaraan deelgeneem.²⁰⁰ Die Sasol Kommando het 'n mikroligtevliegtuig waarmee observasiewerk gedoen is, aangewend, terwyl die Vaal Kommando aangewend is om deurlopend

¹⁹⁵ MAV, p. 144. 26062000, Deyzel, G., (39) Vanderbijlpark; Anon, "Operation Palmiet: Genl Magnus Malan sê waarom soldate ook vrede bewaar", *Paratus*, 12(35), Desember 1984, p. 20; K. Owen, *These times: A decade of South African politics* (Johannesburg, Jonathan Ball, 1992), p. 42.

¹⁹⁶ Anon, "Polisie, soldate ruk op na swart dorp: Meer as 300 gevang in Sebokeng", in *Vaderland*, 23.10.1984; Anon, "Sebokeng inval!", in *Beeld*, 23.10.1984.


¹⁹⁷ M. Cohen, "Hundreds held in swoop", in *Star*, 23.10.1984; Vgl. ook MAV, p. 113. 23042000, Molefi, M. J. C., (44) Vereeniging.

¹⁹⁸ A. de Beer, "Operasie Palmiet had die meeste swartes se steun", in *Vaalweekblad*, 26.10.1984; Anon, "Dankbaar vir polisiehulp", in *Vaalweekblad*, 26.10.1984.

¹⁹⁹ Vgl. J. Frederikse, *South Africa a different kind of war: From Soweto to Pretoria* (Johannesburg, Ravan, 1997), p. 179.

²⁰⁰ DDD, Pretoria, Kmdt. Wit, *Eenheidsgeskiedenisleër: Vereeniging Kommando: Jaarverslag 1984*.

WHAT ARE WE DOING HERE?



WE ARE HERE TO PROMOTE



NORMAL SOCIAL LIFE



CONTINUED EDUCATION



SAFE TRAVEL



STABILITY



A HEALTHY COMMUNITY





THE DELIVERY OF FOOD

TRUST US

Pamflet 2: Pamflet wat tydens Operasie Palmiet op 22 Oktober 1984 deur die veiligheidsmagte versprei is.

Bron: M. Cohen, "Hundreds held in swoop", in *Star*, 23.10.1984.



Illus. 32: Soldate ontplooi in Sebokeng tydens Operasie Palmiet, Oktober 1984.
Bron: Anon, "7000 help met skoonmaak", in *Vaalweekblad*, 26.10.1984.

patrollies in Vanderbijlpark, Sebokeng, Boipatong, Bophelong en Evaton te doen.²⁰¹

Die betekenis van Operasie Palmiet was dat die weermag vanaf Oktober 1984 in 'n aktiewe rol aangewend is om die polisie in die bekamping van binnelandse onrus te ondersteun.²⁰² Dié operasie was die grootste gesamentlike optrede van die weermag en polisie wat tot in daardie stadium in Suid-Afrika plaasgevind het.²⁰³ Operasie Palmiet is ook beskryf as 'n waterskeiding-operasie van wet en orde.²⁰⁴ Die UDF het skerp op dié operasie gereageer en dit as 'n verklaring van burgeroorlog bestempel.²⁰⁵ Die leier van die destydse opposisie, dr Frederick Van Zijl Slabbert, was van mening dat die ontplooiing van soldate in swart woongebiede die ergste vorm van intimidasie van die kant van die staat teen sy eie burgers was.²⁰⁶ Daar word gemeen dat Operasie Palmiet die rol van die weermag verpolitiseer het en dat die onrusituasie vermilitariseer is, terwyl die onderskeid tussen die weermag en polisie vervaag het.²⁰⁷

4.5.3 OPERASIE WAGHOND (1990)

In April 1990 is aangekondig dat die polisie Operasie Waghond vir die voorkoming van misdaad van stapel sou stuur.²⁰⁸ Daar is beoog om die samewerking tussen die polisie en die private sektor te verstewig. Operasie

²⁰¹ DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer: Sasol Kommando: Die geskiedenis van Sasol Kommando, p. 8; DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer: Vaal Kommando: Die geskiedenis van Vaal kommando, p. 1.

²⁰² Anon, "Witskrif oor verdediging en krygstuigvoorsiening", *Paratus*, 37(5), Mei 1986, p. 69.

²⁰³ S.F. Haasbroek, *Massageweld in 'n konfliktsituasie*, p. 128.

²⁰⁴ S. Ellis, T. Sechaba, *Comrades against apartheid* (Indiana, Indiana University Press, 1992), p. 160.

²⁰⁵ Anon, "Perskommentaar: Skei politiek en misdaad", *Star*, 23.10.1984, in *SA Oorsig*, 26 Oktober 1984, p. 22.

²⁰⁶ S. van Ketel, "Zuid-Afrika geteisterd door ongekende malaise", *Elseviers magazine*, 1 Desember 1984, p. 21.

²⁰⁷ F. van Zyl Slabbert, *The system and the struggle*, p. 88.

²⁰⁸ B. Stuart, T. Stirling, "Big anti-crime drive planned", in *Citizen*, 25.04.1990, p. 1.

Waghond is in Mei 1990 in die Vaaldriehoek geloods.²⁰⁹ Daar is toe steeds gemeen dat sekere organisasies 'n bedreiging vir binnelandse stabiliteit ingehou het. Swart bewussynbewegings en regsies is as 'n potensiële gevaar uitgesonder. Daar is verwag dat aanvalle op sagte teikens en op die polisie in Sharpeville kon toeneem en daar is selfs vir aanvalle in die dorpsgebiede van Vereeniging en Sharpeville en die sabotasie van NSP'e gevrees.²¹⁰

As gevolg van die vrylike beskikbaarheid van wapens in die Vaaldriehoek en die magsopbou van gewapende ANC-lede aan die Suidweste kant van Zimbabwe, is Vaaldriehoekse militêre eenhede aan die begin van Desember 1990 op bystand geplaas. Die leër moes gereed wees om moontlik in Desember 1990 op te tree.²¹¹ Die intelligensiediens van Zimbabwe, ZC10, het ook in die Vaaldriehoek verbinding met APLA gehad.²¹² Die Vaaldriehoekse militêre eenhede is gevra om inligting oor die planne van Selfverdedigingseenhede vir 16 Desember 1990 en die veldtog teen die veiligheidsmagte aan die Kommandement Witwatersrand deur te gee.²¹³

4.5.4 OPERASIE SKILDWAG (1991)

Operasie Skildwag is aan die begin van Februarie 1991 landwyd van stapel gestuur. Die doel van die operasie was om misdaad te bekamp en om terreurwapens van die strate af te kry.²¹⁴ Die polisie het terselfdertyd groot belonings aangebied indien terreurwapens ingehandig word.²¹⁵ Tydens die duur van Operasie Skildwag is verskeie klopjagte uitgevoer. Daar is byvoorbeeld in 'n klopjag wat deur die polisie en weermag in die Kwa Masiza-hostelle in Junie

²⁰⁹ M. Schwenn, "Operasie Waghond wys sy tande", in *Vaalweekblad*, 04.05.1990, p. 1.

²¹⁰ Dagboek, Vereeniging Kommando, Bevelvoerderskonferensie, 16.07.1990.

²¹¹ Dagboek, Vereeniging Kommando, aantekeninge van bevelvoerderskonferensie Groep 17, 05.12.1990.

²¹² MAV, p. 216, 27.11.2000, Botha, M.W., (34) Vereeniging.

²¹³ Dagboek, Vereeniging Kommando, Bevelvoerderskonferensie Groep 17, 05.12.1990.

²¹⁴ Anon, "Operasie Skildwag ook in Vaaldriehoek", in *Vaal Ster*, 01.02.1991.

²¹⁵ Anon, "Operation Sentry vs AK 47", in *Vaal Ster*, 01.02.1991.

1991 uitgevoer is, op 'n aantal wapens beslag gelê.²¹⁶ In daardie stadium was daar nog steeds pogings deur sekere groepe om geweld te bevorder. Die weermag het egter gemeen dat indien hy paraat was, die ANC en die PAC nie die onderhandelingsproses sou kon laat skipbreuk ly nie, aangesien die weermag die magsbasis van die regering was.²¹⁷

4.5.5 OPERASIE DONDRSLAG (1991)

Op 8 Februarie 1991 het die weermag en polisie landwyd, in wat as Operasie Donderslag bekend gestaan het, op blanke en swart woonbuurte toegeslaan. Die operasie was op die totale misdaadspektrum gemik, maar daar is veral aan die opsporing van onwettige wapens aandag gegee.²¹⁸ Die polisie het die ondersteuning van die weermag verwelkom.²¹⁹ Hierdie aksie was 'n geïntegreerde deel van Operasie Skildwag.²²⁰

In 'n spiere wysaksie het die weermag in die laaste week van Mei 1991 valskermsoldate in Pimville, Soweto, uit die lug neergelaat. Die operasie was 'n propaganda-aksie van die weermag.²²¹ Alhoewel die aksie buite die Vaaldriehoek plaasgevind het, was die boodskap duidelik, naamlik dat die weermag 'n meer prominente rol in die hantering van die gewelddisituasie sou speel. Daar is egter gemeen dat alhoewel sulke operasies die polisie kon vrystel om normale polisie take te verrig, die weermag se betrokkenheid eerder na 'n militêre operasie as na 'n vredebewaringsending gelyk het.²²²

²¹⁶ Anon, "Klopjag lewer 'n arsenaal", in *Vaalweekblad*, 21.06.1991.

²¹⁷ Dagboek, Vereeniging Kommando, Bevelvoerderskonferensie, 04.03.1991.

²¹⁸ C. Alberts, "Operasie Donderslag: Misdaad hard geslaan", in *Uniform*, Maart 1991.

²¹⁹ G. Thiar, "Operasie Donderslag: Weermag en polisie werk saam", *Paratus*, 42(3), Maart 1991, p. 40.

²²⁰ C. Alberts, "Operasie Donderslag: Misdaad hard geslaan", in *Uniform*, Maart 1991.

²²¹ MAV, p. 223, 06122000, Kritzing, W.H., (58) Pretoria.

²²² Anon, "The Citizen Comment: Still urgent", in *Citizen*, 30.05.1991.

4.5.6 OPERASIE YSTERVUIS EN OPERASIE BLITS (1991)

Kort op Operasie Skildwag het Operasie Ystervuis in April 1991 gevolg. Tydens die operasie het kommando's en die polisie varal blanke woongebiede gepatrolleer om die vlag van misdaad dáár te bekamp.²²³ Tydens Operasie Blits het die polisie in die nag van 26 Junie 1991 op 'n rewolwer en 'n AK47-geweer beslag gelê. Twee mense is ook vir die besit van ongelisensieerde vuurwapens aangekla.²²⁴ Gedurende Oktober 1991 is Operasie Vasvat van stapel gestuur, toe die weermag, polisie en verkeersafdelings gesamentlik teen wetsoortreders opgetree het.²²⁵ Probleme waarmee die weermag in daardie stadium te kampe gehad het, was onder meer dat die terreinwaardering ontoereikend was en dat die bestaande mannekrag uitgeput was deur lang tye wat soldate op bystand geplaas is.²²⁶ Na Operasie Ystervuis is 'n algemene amnestie afgekondig sodat onwettige wapens sonder vervolging ingehandig kon word.²²⁷

4.5.7 OPERASIE WAKKERSIT (1991)

As deel van sy gebiedsbeskermingsplan het die weermag Operasie Wakkersit aan die begin van 1991 van stapel gestuur.²²⁸ As gevolg van die kritieke stadium waarin die onderhandelingsproses gedurende Maart 1991 was, is daarop gewys dat huis- en -haard-beskerming van kardinale belang was en dat mense moes weet wat om te doen, indien hulle huise bedreig sou word.²²⁹ Daar is in Maart 1992 'n gesamentlike oefening uitgevoer deur die misdaadvoorkomingseenheid van die polisie en 21 Bataljon, wat aan Groep 17 toegedeel was. Die doel met

²²³ Vgl. Anon, "Weermag help polisie teen vlag van misdaad", in *Patriot*, 03.05.1991.

²²⁴ C. Jensen, "Operasie Blits slaan hard", in *Vaalweekblad*, 05.07.1991.

²²⁵ Anon, "Oortreders vasgevat", in *Vaalweekblad*, 25.10.1991.

²²⁶ Dagboek, Vereeniging Kommando, Bevelvoerderskonferensie Groep 17, 06.01.1991.

²²⁷ Sapa, K. Abendroth, "Special units to probe unrest" in *Citizen*, 20.09.1990.

²²⁸ Dagboek, Vereeniging Kommando, Bevelvoerderskonferensie Groep 17, 21.01.1991.

²²⁹ Dagboek, Vereeniging Kommando, Bevelvoerderskonferensie Groep 17, 04.03.1991.

die oefening was om aan die bevolking te toon dat die weermag nog altyd teenwoordig was.²³⁰

Die weermag het daarop gewys dat deel van die vyandelike strategie ook die aantasting van die eie magte en bevolking se moreel was en dat moorde deel van die vyand se strategie was. Operasie Wakkersit was teen die middel van 1992 nog in volle gang en het in samewerking met die polisie geskied. Met die oog op gebiedsbeskerming is hoëdigtheid-patrollies in Vereeniging deur-gevoer.²³¹ Die Vaaldriehoekse kommando's het in die loop van 1993 nog aan Operasie Wakkersit deelgeneem. Dié operasie het oor 'n onbepaalde tydperk gestrek en het behels dat kommando's in die aande op patrollie uitbeweeg het en hulle veral op misdaadvoorkoming toegespits was.²³²

4.5.8 DIE EIKENHOF-VOORVAL (1993)

Die polisie het na aanleiding van die Eikenhof-voorval in Maart 1993, waarin twee skoolkinders en 'n ouer onderweg skool toe doodgeskiet is, vir 'n tyd lank alle busroetes in die Vereeniging-distrik gepatrolleer.²³³ Daar is ook van 'n polisiehelikopter gebruik gemaak om skoolbusroetes te patrolleer.²³⁴ Die plaaslike polisie het skoolkinders wat op uitstappies na bestemmings buite die Vaaldriehoek gegaan het, daarheen vergesel. Die Vaal Kommando het in die tyd skole in die Vanderbijlpark-omgewing gepatrolleer.²³⁵ Die Meyerton Kommando

²³⁰ Anon, "SAP en weermag oefen saam", in *Vaal Ster*, 23-27.03.1992; Vgl. ook MAV, p. 187. 13072000, Van den Berg, F. J., (54) Falconridge; MAV, p. 81. 22022000, Coetzee, E. R., (47) Risiville.

²³¹ Notule, C Kompanie ordergroep, Vereeniging Kommando, 27.05.1992.

²³² Vgl. Dagboek, Vereeniging Kommando, 29.09.1993.

²³³ Sien ook hoofstuk 2, APLA-operasies in die Vaaldriehoek.


²³⁴ MAV, p. 52. 14012000, Erasmus, A. P., (46) Meyerton; SANDF Nodal Point, Submission iro the former SADF: SA Defence Force involvement in the internal security situation in the Republic of South Africa, p. 50.

²³⁵ Anon, "Begelei busse", in *Vaalweekblad*, 02.04.1993; Die beveiliging van skole was 'n prioriteit. Daar is vroeër reeds gemeen 'die deurlopende fisiese beskerming van skoolkinders sal, namate die bedreiging meer intensief is, 'n noodsaaklikheid word', vgl. Danie Theronkrygskool, Teeninsurgensie-opleidingshandleiding, p. 2/5-8.



Illus. 33: Lede van die Vaaldriehoekse veiligheidsmagte tydens Operasie Vasvat in Oktober 1991.

Bron: Anon, "Oortreders vasgevat", in *Vaalweekblad*, 25.10.1991.



Illus. 34: 'n Taakmag bestaande uit helikopters, soldate en pantsermotors het Houtkop gepatrolleer.

Bron: Anon, "Spanpoging suksesvol om misdaad te bekamp", *Vaal Ster*, 21-25.02.1994.

het skoolbusroetes in die omgewing van Meyerton beveilig.²³⁶

4.5.9 OPERASIE JETA EN LUNO (1993)

Die Meyerton Kommando het die voortou geneem in die organisering van operasies in samewerking met die lugmag. Dié operasies het behels dat helikopters seksies soldate by hulle eenheid oppik en op strategiese plekke neerlaat, om sodoede vinning op bepaalde plekke te kon toeslaan. Die eerste twee operasies van die aard was Operasie Luno en Operasie Jetta. Die doel van die twee operasies was om boere teen misdaad by te staan en om veral op veediefstal te konsentreer. Lede van die Regiment Karoo was ook in die twee operasies behulpsaam.²³⁷ Vaal Kommando het gedurende 1993 'n soortgelyke operasie uitgevoer.²³⁸ Die Vereeniging Kommando se Operasie Lunar vir Oktober 1993 is afgestel omdat dit in die nag waarop die operasie beplan was, onophoudelik gereën het.²³⁹

4.5.10 DIE WATERDAL KRISIS (1994)

Gedurende Februarie 1994 is een van die laaste militêre operasies onder die ou bedeling in die Vaaldriehoek uitgevoer. 'n Taakmag bestaande uit Eland- en Ratel-pantservoertuie het die Houtkop-omgewing gepatrolleer omdat inwoners van die gebied deur misdadigers geteister is.²⁴⁰ Dié operasie het gevolg nadat raadslid Daan Nel reeds in 1992 vir 'n oplossing vir die plakkerkrisis in Waterdal gevra het. Raadslid Mario Milani het gemeen dat 'n voorstel oorweeg sal word om die weermag in Waterdal te ontplooi, indien die stadsraad nie meer die

²³⁶ DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenisleër: Meyerton Kommando: Historiese oorsig van die aktiwiteite van Meyerton Kommando vanaf 1992-1994.

²³⁷ DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenisleër: Meyerton Kommando: Historiese oorsig oor die aktiwiteite van Meyerton Kommando 1992-1994; Vgl. ook P. Fourie, "Plaasboere in verantwoordelike gebied", Bevkomp rapport, 16.05.1993; Meyerton Kommando, Ops/6/93:Ops Pal Luno, 07.04.1993.

²³⁸ DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenisleër: Vaal Kommando: Jaarverslag 1993.

²³⁹ Dagboek, Vereeniging Kommando, 01.12.1993.

²⁴⁰ Anon, "Spanpoging suksesvol om misdaad te bekamp", in *Vaal Ster*, 21-25.02.1994.

gebied effektief kon polisieer nie.²⁴¹ Volgens dr. Milani was Waterdal destyds 'n gevaarpunt en het die stadsraad ook burgerbandradio's aan hoewe-eienaars beskikbaar gestel. Die weermag se ingryping het gevolg na samesprekings tussen die stadsraad van Vereeniging, die veiligheidsmagte en minister Roelf Meyer.²⁴²

4.5.11 OPERASIE JAMBU (1994)

Onmiddellik voor die verkiesing van 1994 het die weermag bekend gemaak dat hy sy oor op die grond gehou het. Die Kommandement Witwatersrand het saam met oproepinstruksies ook 'n skrywe aan soldate gestuur waarin genoem is dat hulle diens onontbeerlik was om te verseker dat 'n vrye verkiesing sou plaasvind. 'n Groot getal soldate is opgeroep om te verseker dat die gebied behoorlik beskerm kon word en om plundering te verhoed.²⁴³ Die pantservoertuie wat reeds die noordelike dele van Vereeniging gepatroleer het, het as reaksiemag gedien wat 24 uur beskikbaar was. Twee kompanies van Regiment Vanderbijlpark is ontplooi om hoofsaaklik stempunte te beskerm. Soldate is ook in die swart woongebiede ontplooi.²⁴⁴

Nege Divisie is getaak om 'n brigade saam te stel vir ontplooiing in die PWV-gebied. Nege Brigade het uit drie regimente bestaan wat by Groep 16, 17 en 18 ontplooi is. Die saamgestelde pantserregiment wat by Groep 17 ontplooi was, was verantwoordelik vir die blanke woongebiede van Vereeniging, Randfontein en Westonaria. Die vegeenhede van die pantserkarregiment is saamgestel uit die Regiment Vrystaat, twee tenkregimente, die Prins Alfred Guards Regiment

²⁴¹ Anon, "Army to protect Waterdal", in *Vaal Ster*, 10-14.08.1992; Gemeganiseerde infanterie het die bevelvoerder van 'n hoogs mobiele en buigsame mag voorsien waarmee die aktiwiteite van insurgente in plattelandse sowel stedelike gebiede teengewerk kon word. Vgl. Dannie Theron krygskorol, *Tieninsurgensie-operasiehandleiding*, p. 1/5-9, en p. 1/5-29; MAV, p. 89. 27032000, Milani, M., (62) Vereeniging.

²⁴² MAV, p. 89. 27032000, Milani, M., (62) Vereeniging.

²⁴³ Skrywe van genl. D.C. Benade, bevelvoerende genl. Kommandement Witwatersrand aan alle opgeroepte soldate, 08.04.1994; Vgl. ook MAV, p. 154. 26062000, Joubert, A., (38) Vanderbijlpark.

²⁴⁴ Anon, "Army's vital role in defending Vaal Triangle residents", in *Vaalweekblad*, 13.05.1994.

WITWATERSRAND LEër KOMMANDEMENT WITWATERSRAND ARMY COMMAND



*Hiermee word erkenning gegee aan
Recognition is hereby given to*

79371209BT Sers S.M. Fourie

*vir die suksesvolle deelname aan
for successfully participating in*

OPERASIE JAMBU OPERATION JAMBU

*oor die verkiesingstydperk in 1994
waartydens vrede en stabiliteit
verseker is in die Witwatersrand*

*over the election period in 1994
when peace and stability was
ensured in the Witwatersrand*

BEVELVOERENDE GENERAAL WIT LEër KMDMT : GENL MAJ
GENERAL OFFICER COMMANDING WIT ARMY COMD : MAJ GENL

BRIGADE / GROEP BEVELVOERDER :: KOL
BRIGADE / GROUP COMMANDER : COL

Sertifikaat 2: Sertifikaat toegeken aan soldate wat gedurende April 1994 aan
Operasie Jambu deelgeneem het.
Bron: S. M. Fourie versameling.

President Steyn, en 7 Lugafweerregiment.²⁴⁵ Alle soldate wat in die verkiesingstyd operasioneel aangewend is, het 'n spesiale operasionele toelae bo en behalwe hulle normale soldy van R61.50 per dag ontvang.²⁴⁶

Lt. Kol. Melt Esterhuizen het gemeen dat die feit dat daar in die Vaaldriehoek oor die verkiesingstydperk geen bomaanvalle, geen voorvalle waar daar uit bewegende voertuie op mense geskiet is en geen kragonderbrekings was nie, aan die teenwoordigheid van die weermag toegeskryf kon word. Die weermag het terselfdertyd die polisie in die bekamping van misdaad ondersteun.²⁴⁷ Na afloop van die verkiesing van April 1994 het Groep 17 'n familieskakeldag aangebied. Die doel met die hou van die dag was sodat die vroue en kinders van die soldate wat ten tyde van Operasie Jambu in die Vaaldriehoek ontplooi was, hulleself met die man in uniform vertrouwd kon maak. Die kinders is in militêre voertuie rondgery en daar is 'n vleisbraai vir dié gesinne aangebied. Lt. Kol. Melt Esterhuizen het sy waardering uitgespreek vir die gesinne wat vir lang tye sonder 'n vader en eggenoot moes klaarkom.²⁴⁸

4.5.12 KOVERTE OPERASIES

Die veiligheidsmagte het ook koverte aktiwiteite in die Vaaldriehoek bedryf. Koverte operasies is onder die naam Operasie Zero Zero bedryf.²⁴⁹ 'n Man wat oor die bewegings van sy broer wat volgens die veiligheidspolisie vir ontploffings in die Vaaldriehoek en Pretoria verantwoordelik was, is in 1985 deur Eugene de Kock en ander lede van Vlakplaas vermoor.²⁵⁰ Ene Johannes Mabothe is in 'n stadium in die polisieselle op De Deur aangehou. Eugene de Kock het hom

²⁴⁵ N. Pienaar, "9 Divisie: Op-en-wakker", *Salut*, 1(2), Junie 1994, p. 43.

²⁴⁶ N. Pienaar, "9 Divisie: Op-en-wakker", *Salut*, 1(2), Junie 1994, p. 40.

²⁴⁷ Anon, "Army's vital role in defending Vaal Triangle residents", in *Vaalweekblad*, 13.05.1994.

²⁴⁸ Anon, "Army's vital role in defending Vaal Triangle residents", in *Vaalweekblad*, 13.05.1994.

²⁴⁹ TRC, *Volume three: Truth and reconciliation commission of South Africa report*, p. 599.

²⁵⁰ A. Rademeyer, "De Kock voor WVK oor wag", in *Beeld*, 14.07.1999, p. 9.

persoonlik daar kom uithaal en later by die Penge myn naby Burgersdorp doodgeskiet.²⁵¹

Themba Khosa is in September 1990 in Sebokeng met 'n vrag ammunisie in sy besit gearresteer. Alle aanklagte teen hom is egter laat vaar. Daar is ook bevind dat die polisie met bewysstukke gepeuter het. Die wapens is deur Vlakplaas aan hom verskaf.²⁵² Daar word beweer dat sekere lede van die polisie in samewerking met die intelligensiediens lede van die Inkatha Vryheidsparty (IVP) in sogenoemde veilige huise in Vereeniging geherberg het. Die IVP-lede is dan van wapens voorsien en na teikenareas vervoer waar aanvalle uitgevoer is.²⁵³

Die berugte Askari's, omgedraaide vryheidsvegters, was ook in die Vaaldriehoek bedrywig. 'n Beskuldigde in die Griffiths Mxenge moordsaak, Joe Mamesela, het op 'n stadium as 'n polisieman in die Vaaldriehoek diens gedoen, nadat hy tydelik daarin geslaag het om van die Askari's weg te kom.²⁵⁴ Mamesela het ook beweer dat die plaas Eikenhof in die Vaaldriehoek gebruik is om trein-moordenaars te herberg.²⁵⁵ Daar is beweer dat die polisie tydens die Boipathong-slagting gewapende ondersteuners van Inkatha in dié woonbuurt begelei het.²⁵⁶ Daar word ook beweer dat lede van die polisie deel van regse mobilisasie in gebiede soos Heilbron en Wesselsbron was.²⁵⁷

²⁵¹ T. Fourie, "Kolonel se getuienis in De Kock-saak erg verwarrend", in *Beeld*, 24.06.1999, p. 10; SAUK, *Radio program: Monitor*, 06:45, 24.06.1999.

²⁵² TRC, *Volume two: Truth and reconciliation commission of South Africa report*, p. 609.

²⁵³ J. Pauw, *Into the heart of darkness: Confessions of apartheid's assassins* (Jeppestown, Jonathan Ball, 1997), p. 129; E. de Kock, *A long night's damage: Working for the Apartheid State* (Saxonwold, Contra, 1998), p. 19.

²⁵⁴ J. Pauw, *Into the heart of darkness: Confessions of apartheid's assassins*, p. 176; Vgl. MAV, p. 174. 03072000, Scholtz, R.G., (35) Vereeniging.

²⁵⁵ TRC, *Volume two: Truth and reconciliation commission of South Africa report*, p. 613.

²⁵⁶ Anon, "Gewapendes deur polisie begelei voor aanval, hoor WVK", in *Beeld*, 12.05.1999.

²⁵⁷ TRC, *Volume two: Truth and reconciliation commission of South Africa report*, p. 649.

4.6 MEDALJE-PARADES

Vertoondissipline van soldate is as baie belangrik beskou, ten einde 'n beeld van effektiwiteit uit te dra.²⁵⁸ Omdat medalje-parades kleurryke geleentheid was, het sulke geleentheid daartoe bygedra om die militêre kultuur in die Vaaldriehoek te bevorder. Tydens medalje-parades en deurmarse het die uniforms, militêre musiek en teenwoordigheid van hooggeplaastes die aandag getrek.²⁵⁹ Medalje-parades was geleentheid waartydens die gesinne van soldate vir hulle opofferings bedank is. Die soldaat is as held voorgestel terwyl die publiek oor die bedreiging ingelig en aangemoedig is om betrokke te raak. Hieronder word gelet op enkele uitsprake wat tydens medalje-parades na vore gekom het.

Tydens die oorhandiging van die aanprysingsertifikaat van die Hoof van Leër in Februarie 1977 aan kmdt. F. P. (Pikkie) van Niekerk, destydse bevelvoerder van Groep 17, het die kommandementbevelvoerder gemeen dat dienspligtiges hulle militêre diens meer ernstig moes opneem en dat meer mense betrokke moes raak.²⁶⁰ Kol. Van Niekerk het gedurende November 1979 tydens 'n medalje-parade gemaan dat die stryd om Suid-Afrika se veiligheid nie verby was nie en dat diegene wat onverskillig teenoor aktiwiteite van militêre organisasies gestaan het, weer moes nadink.²⁶¹ Tydens die medalje-parade van die Sasolburg Kommando aan die einde van Februarie 1979, het brig. M. J. du Plessis van die Kommandement OVS gemeen dat daar meer opofferings as in die verlede gemaak moes word.²⁶² Op die eerste medalje-parade van 73 Gemotoriseerde

²⁵⁸ Notule van kommandement-bevelskonferensie gehou te Nasrec, Kmdt Wit.,/522/1/1/5, 18.11.1988, p. 20.

²⁵⁹ Anon, "Foto: Lede van die kommando's van Vanderbijlpark en Yskor het Saterdag 'n dekorasie-parade op die rugbyveld van Transvalia gehou", in *Vaalweekblad*, 18.01.1975; Anon, "Swart polisiernanne moet onbepaalde kanse benut", in *Vaalweekblad*, 05.12.1975.

²⁶⁰ Anon, "Commando OC receives Army Chief's citation", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 04.03.1977.

²⁶¹ Anon, "Raak betrokke of ...", in *Vaalweekblad*, 13.11.1979.

²⁶² Anon, "Medaljes aan kommando's: Nog hoër eise in toekoms – brig", in *Vaalweekblad*, 02.03.1979.

Brigade in Julie 1979 het die bevelvoerder, kol. Y. de Bruyn, onder meer die volgende gesê:

Only the recipients and their colleagues know what stands behind the awards – the sacrifice, the suffering, the danger and the life of the soldier ... The soldier above all other men, is required to practice the greatest act of religious sacrifice.²⁶³

Tydens die medalje-parade aan die begin van Desember 1979 op Parys het die bevelvoerder van Groep 24 op Kroonstad, kol. F.C. van der Merwe, hom soos volg uitgelaat:

Dié van ons wat in hierdie land wil bly, en wat die veilige voortbestaan van ons nageslag wil waarborg, het geen keuse as om gesamentlik die oorlewingstryd met al ons kragte en met alle middele tot ons beskikking aan te pak nie ... Ons vyande ken die potensiaal van ons land op alle terreine ... Indien ons dus ons Christelike, Westerse blanke karakter wil handhaaf, moet ons verwag dat die aanslae teen ons toenemend meer en meer opofferings van ons sal verg.²⁶⁴

Kol. Van der Merwe het tydens 'n medalje-parade op Sasolburg aan die einde van Junie 1980 aangevoer dat daar besef moes word dat niemand anders na die voortbestaan en veiligheid van Suid-Afrika en sy mense sal omsien, behalwe Suid-Afrikaners self nie.²⁶⁵

Tydens 'n medalje-parade op Parys in Oktober 1980 het kol. Van der Merwe gemeen dat die Pro Patria-medalje die simbool van opofferende diens in die Suid-Afrikaanse weermag vir land en volk moes wees. Hy het ook gemeen dat diegene wat bereid is om sy lewe vir die eer van sy vaderland en die

²⁶³ Anon, "First medal parade for 73 Motorised Brigade", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 13.07.1979.

²⁶⁴ Anon, "Suid-Afrikaners durf nie terugdeins van hul plig", in *Vaalweekblad*, 11.12.1979.

²⁶⁵ Anon, "Medalje-parade: Elke bydrae help bou aan verdedigingsmuur sê kol", in *Vaalweekblad*, 04.07.1980.

selfrespek vir sy mense op te offer, groot gelewe het.²⁶⁶ Die bevelvoerder van ROV, kol. Lourens Human, het tydens 'n medalje-parade in Mei 1981 verklaar dat Rusland graag Suid-Afrika wou inpalm en dat Suid-Afrika teen dié aanslae paraat moes wees. Kol. Brown van 8 Pantserdivisie het tydens dieselfde geleentheid gemeen dat daar op daardie oomblik 'n oorlog op die grense van Suid-Afrika gewoed het wat nie onderskat moes word nie en dat indien Suid-Afrika meer manne gehad het soos dié waaraan medaljes toegeken is, die land die oorlewingstryd sou kon wen.²⁶⁷

Aan die einde van 1982 is 78 Pro Patria- en vier langdiensmedaljes aan lede van die Iscor Kommando en Vanderbijlpark Kommando oorhandig. By dié geleentheid het kol. F. P. van Niekerk gesê dat grensdiens in die regte perspektief gesien moes word. Hy het ook gevra dat meer bydraes vir die soldate aan die grens gemaak moes word. Tydens die onthaal ná die parade het die burgemeester van Vanderbijlpark, Herman Schroeder, gesê dat die kommando's van Vanderbijlpark daarvoor bekend is dat hulle toegewyde soldate was wat:

soveel opoffer ter wille van ons veiligheid en rustige bestaan in die Vaal-bekken.

Hy het ook die vroue en kinders bedank wat alleen die mas moes opkom wanneer die mans op diens weg was.²⁶⁸

Tydens 'n medalje-parade in Oktober 1985 het polisiemanne medaljes vir die bestryding van terrorisme ontvang, terwyl die polisiester vir getroue diens vir onderskeidelik twintig en dertig jaar ook toegeken is. Die onderburgemeester van Sasolburg, Dawie Malherbe, het die polisie tydens die geleentheid bedank dat

²⁶⁶ Anon, "Medaljes aan vyf lede van Parys Kommando", in *Vaalweekblad*, 21.10.1980.

²⁶⁷ Anon, "Regiment vereer sy span staatmakers", in *Vaalweekblad*, 26.05.1981.

²⁶⁸ Anon, "See border service in the right perspective", *Paratus*, 33(1), Januarie 1982, p. 54; Anon, "Dorp trots op kommando", *Paratus*, 33(1), Januarie 1982, p. 54.

die inwoners van die dorp snags rustig kon slaap.²⁶⁹

Tydens 'n medalje-parade en uitoefening van die reg van vrye toegang van die Vaal Kommando op 4 November 1990, het die bevelvoerder van Groep 17, kol. Frans van den Berg, die volgende gesê:

Ask not what your country can do for you: ask what you can do for your country.²⁷⁰

Tydens 'n medalje-parade van die Regiment Sasolburg in Maart 1991 het genl.maj. Wessel Kritzinger in sy gelukwensingsboodskap sy dank teenoor lede van die eenheid se gesinne vir hulle ondersteuning uitgespreek.²⁷¹

Daar was benewens medalje-parades ook vaandelparades. Alhoewel die meeste Vaaldriehoekse eenhede hulle vaandels elders ontvang het, is daar nogtans daaroor in die plaaslike pers berig. Die Vaal Kommando het sy nasionale vaandel in Augustus 1990 by die Leërgimnasium op Heidelberg ontvang.²⁷² Die Parys Kommando het sy eenheidsvaandel op 15 September 1990 op Kroonstad ontvang, terwyl Regiment Overvaal sy nasionale vaandel op die sportveld van die Hoërskool Vereeniging ontvang het.²⁷³ Gedurende Augustus 1991 is nasionale vaandels aan die Regiment Sasolburg, Regiment Vanderbijlpark, Vereeniging Kommando en Meyerton Kommando by 1 Konstruksieregiment op Springs oorhandig.²⁷⁴

²⁶⁹ Anon, "Wete dat SAP sorgsaam waak verseker rustige slapie", in *Vaalweekblad*, 08.10.1985.


²⁷⁰ Anon, "History made as Vaal Commando receives freedom of V'bijl", in *Vaal Ster*, 12-16.11.1990.

²⁷¹ Anon, "Regimentslede vir diens vereer", in *Vaalweekblad*, 15.03.1991.

²⁷² Anon, "National colours", *Armed Forces*, September 1990, p. 32.

²⁷³ DDD, Pretoria, Kmdt Vrystaat, Eenheidsgeskiedenisleër: Parys Kommando: Jaarverslag 1989: Anon, "Parades", *Paratus*, 41(11), November 1990, p. 67.

²⁷⁴ Anon, "Bye ontwig byna spog vaandelparade", in *Vaalweekblad*, 23.08.1991: Anon, "10 Witwatersrand Command units receive national colours", *Armed Forces*, September 1991, p. 13.



Illus. 35: Die Regimente Sasolburg en Vanderbijlpark, en Vereeniging en Meyerton Kommando's, het op Dieselfde geleentheid in Augustus 1991 hulle nasionale vaandels ontvang.

Bron: Anon, "Bye ontwrig byna spog vaandelparade", in *Vaalweekblad*, 23.08.1991.

4.7 SAMEVATTING

Die veiligheidsmagte van die Vaaldriehoek was op verskillende wyses in en buite die streek aktief. Daar was verskillende oefeninge, grensdiens en binnelandse diens. Voor 1975 het die kommando's op die beveiliging van die streek gefokus, terwyl die lugafweerregimente van tyd tot tyd in Youngsfield diens gedoen het. Die polisie het reeds sedert 1966 grensdiens verrig en was ook betrokke by die bekamping van die 1976 Soweto-onluste.

Sedert 1975 het Vaaldriehoekse militêre eenhede grensdiens begin verrig. Ná die uitbreek van die 1984-onluste het dié eenhede ook diens in swart woongebiede van die streek en elders verrig. Van die Vaaldriehoekse regimente is ook in die Messina-grensgebied en in Natal ontplooi. 'n Hele aantal operasies is in die Vaaldriehoek in samewerking met die polisie en ander rolspelers uitgevoer. Die eerste operasie in die streek was Operasie Palmiet in Oktober 1984 en die laaste Operasie Jambu in April 1994.

Die betrokkenheid in Namibië het regstreeks daartoe gelei dat militêre aktiwiteite sedert 1975 'n merkbare invloed op die Suid-Afrikaanse samelewing gehad het.²⁷⁵ Pogings is op nasionale vlak aangewend om die totale gemeenskap te mobiliseer.²⁷⁶ In die volgende twee hoofstukke word gekyk hoe die Vaaldriehoekse gemeenskap van die aanslag bewus gemaak en gemobiliseer is.

²⁷⁵ K.W. Grundy, *The militarization of South African politics*, p. 22.

²⁷⁶ L.P. Moorcroft, *Africa's Superpower* (Johannesburg, Sygma, 1981), p. 65.